**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

# die WAPAD

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* *In U lig sien ons die lig.*

JAARGANG XXVI VRYDAG 7 MEI 1971 Nr. 6

**CACHET APTEEK**
Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK




**Een van die spoedwalle by die koshuise oorkant die spoor is tydens Karnaval verdoop en sigbaar gemaak vir die motoriste.**
*Foto: Ben van der Walt.*

# A.S.B.-Leiers Besoek die Kampus

**VERSKEIE LEDE van die Uitvoerende Komitee van die Afrikaanse Studentebond het aan die begin van die kwartaal 'n besoek aan die kampus gebring en al die dameskoshuise toegespreek oor resente bedrywighede en werksaamhede van die Hoofbestuur.**

Mnre. Sias Reinecke (Direkteur Algemene Studentebelange), Leon Wessels (Kuns-Kultuur), Flip du Toit (Studie en Navorsing) en Faan Coetzee (Buitelandse Studentebetrekkinge) het by al die dameskoshuise 'n besoek afgelê ingevolge die nuwe wyse waarop besoeke aan geaffilieerde sentra plaasvind.

Samesprekings is ook met die plaaslike A.S.B.-komitee van die Studenteraad gehou waartydens prakties - organisatoriese aangeleenthede bespreek is.

Tydens die besoeke aan die koshuise is kort toeligting gegee oor die sake waarmee die Hoofbestuur hom besighou en is die vrae van die tudente beantwoord.

Mnr. Sias Reinecke (Studente aan RAU) het die besoek as geslaagd beskryf en sien 'n groter toekoms vir hierdie wyse waarop studente die geleentheid gegun word om in aanraking met Hoofbestuurslede te kom.

'n Soortgelyke besoek sal later in die tweede semester aan die manskoshuise gebring word.

# BURGEMEESTER OPEN KARNAVAL

Indien die Karnavalorganisasie sou besluit om die Karnaval na ander dorpe en stede uit te brei, moet hulle sekerlik nie vir Potchefstroom buite rekening laat nie, het die Burgemeester, prof. J. H. Grobler, tydens die amptelike opening van KARNAVAL '71 Dinsdagmiddag op die Universiteitskampus gesê.

Prof. Grobler het verder verklaar dat die studente 'n eie betekenis aan Karnaval gegee het en dat die publiek van Potchefstroom en die Stadsraad uitsien na die weeklange program.

Die Rektor van die Universiteit, prof. H. J. J. Bingle, die Burgemeester en die voorsitter van die Studenteraad, mnr. Leon Wessels, het met veteraan motors op die kampus aangekom as deel van die amptelike opening van die Karnaval. 'n Trampolienvertoning deur die Universiteitsklub is ook aangebied.

# FRIK DU PREEZ AFWESIG

**DINSDAGMIDDAG, om 4.30 nm., is die vierde Karnaval van die P.U. vir C.H.O. amptelik deur die rektor, professor H. J. J. Bingle, met die aflees van die openingsproklamasie, nadat die Voorsitter van die Karnavalkomiteek meneer Kobus Booyens, almal welkom geheet het by Karnaval 71, geopen.**

Die Burgemeester, Professor J. H. Grobler, het aan die Pukke die dorp vir die week gegee.

Frik du Preez, bekende rugbyspringbok, wat as gasspreker sou optree, kon weens onvermydelike omstandighede nie hier wees nie, en meneer Leon Wessels, Studenteraadsvoorsitter, het toe die rol van meneer du Preez vervul.

Die plaaslike trampolienklub van die Universiteit het 'n heel aanskoulike vertoning gelewer en hier was die uitblinkers Marietjie Wissing en haar spanmaat, Eugene Marais.

Na afloop van die openingseremonie is aandete op die kampus bedien.

Om 8.00 nm. het die eerste Karnavalkonsert van 1971 'n aanvang geneem en wel met 'n puik vertoning van die nuutgestigde Universiteitskoor onder leiding van professor Pieter de Villiers.

Die Florna-ontdekking, Toy Santos, het ook groot byval gevind, maar dit kan ongelukkig nie van die optrede van Hessel van der Walt en Eddie Traiutman gesê word nie. Baie ongunstige kritiek is oor hierdie item op die program gelewer.

Na 'n kort pouse van vyf minute is die gehoor op meesterlike wyse met puik sang en optrede van Dave Mills en die Alabama Ritmegroep vergas.




**Maar as hulle nie oorspronkliker as die voriges kon wees nie, kon hulle nie dieselfde STANDAARD probeer handhaaf nie?**

# Twee Pukke Haal Proteaspan

**TWEE PUK-TENNISSPELERS, Pikkewyn Malan en Heloise Burger, is aangewys as lede van die proteasspan wat Juniemaand 'n tennistoer deur Europa onderneem. Dit is 'n unieke gebeurtenis in die sin dat dit die eerste keer is dat 'n Proteatennisspan so 'n toer onderneem en dat dit die eerste keer is dat twee Pukke in die span ingesluit is.**

Die span vertrek op 22 Junie en sal Frankryk, Switserland, Duitsland, Engeland, Oostenryk en Nederland besoek.

Mej. Burger het ook onlangs deelgeneem aan die Natalse opetoernooi. Sy het die eerste rondte teen Linda McDonald gewen, maar moes die knie in die tweede rondte voor die Duitser, Helga Niessen, nommer vier in die wêreld, buig.

Sy was ook toerlid van die P.U.-span wat aan die Zoeloelandse Kampioenskappe deelgeneem het. Weens die feit dat die halfeindrondtes op 'n Sondag beslis moes word, moes die spelers onttrek.

Mej. Burger is ook uitgenooi na die afgelope S.A. Kampioenskappe. Saam met Pikkewyn Malan is sy ook uitgenooi na die interprovinsiale toernooi wat deel van die feesprogram, tydens Republiekfees te Kaapstad vanaf 10 tot 15 Mei, vorm.

Die twee spelers word afgerig deur mnr. Ken Smith en hulle is besig om 'n intensiewe oefenprogram te volg.

**Karnavalfoto's op Bladsye 6 en 7**

# P.O.K.

Die Pootjie berig:

Luidens 'n onlangse proklamasie in die Staatskoerant, sal geen graadstudente en studente wat Hoërskoolgerigte diplomas loop vanaf 1972 meer aan Onderwyskolleges kan inskryf nie. Voortaan sal die Onderwyskolleges dwarsdeur die land slegs in laerskool- kleuter- en spesiale onderwys spesialiseer. Alle ander Onderwysdiplomas sal slegs aan Universiteite aangebied word.

**BULT-APTEEK**
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK




My liewe mikrofoonvriende, julle wat toesprake hou en mense vermaak met woord en klank, het julle al ooit daaraan gedink om die hantering van die woord en die meesterlike nuanse van die klank tot sy reg te laat kom?

Ons het julle gesien, gehoor en beluister van Dinsdagmiddag tot laat in die week. Ons sal volhou (halfhartig) tot diep in die tyd wat nog onbekend is, maar ons sal ook onthou dat 'n openingseremonie van 'n Karnaval (**is dit nodig om nog 'n definisie en nog 'n geskiedenis daarvan te gee?**) 'n heuglike, opswepende irrasionele gebeurtenis is. 'n Geleentheid sonder redelikheid en formaliteit. Die begin van oorspronklikheid en sotte wysheid. Die inleiding tot gelag en jubelende hartlikheid. Die samekomspunt van die jaar se studentewees.

En as sulks is die openingseremonie deel daarvan. Gooi weg die stamelende seremoniemeesters. Ruïneer die akademiese geskiedskrywing daartydens en loop te koop met die atmosfeer van vrolikheid. **Maak** grappe en moet dit nie probeer **vertel** nie.

„Met u samewerking en ondersteuning kan ons van hierdie karnaval waarlik iets groots maak". Lieflike plakkate en mooi gedrukte programme. Vlot organisasie en baie moontlikhede. Soms witgepleisterde grafte. Waar is die heftige meelewing en spoggerige woordkunstenaar? Is dit nodig om na 'n reklameset die voorsieners van die middels en die publiek vir hulle samewerking te bedank in ombesproke formaliteit? En dit terwyl die okkasie nog nie eers mooi op loop is nie?

Keurige uitsoekerigheid bring slegs vir so-en-so op die plankeforum. Met mikrofoon en kort hare word die afwesigheid van applous (pluimpie vir die gehoor) weggesmoor. 'n Kontrak verhinder niemand om iemand uit te gooi nie. Of sal dit afbreuk doen aan die **formele** geleentheid? Was dit nie vir die **ander** haarstyl nie, dan was dit alles 'n groter mislukking.

Ja, my liewe mikrofoonvriende, julle wat nie weer kom nie en julle wat ons met ons sal hê tot bloktyd, en dan alleen sal ontbeer omdat ons nie meer na julle wil luister nie, ek wag vir beeldradio om die situasie tot op sy hoogtepunt te voer. Die retoriese vereniging is gedegradeer tot diegene wat nie kan **praat** nie en as sulks het sy stroompie die woestyn begin nader.

Kom sit met my aan die voorkant van die luispreker en beoordeel jouself. Waag jou in die arena sonder die swaard van voorbereidheid en skietkuns. Ek lag vir jou soos ek verlede week vir jou gelag het.

REFLEKTOR.

# Redakteur Voel Ongelukkig

**DIE HOOFREDAKTEUR van Die Pukkie, meneer Leo van Schaik, het in 'n onderhoud met *Die Wapad* sy spyt uitgespreek omdat daar Saterdag 17 April vyf van die busse wat eerstejaars gedurende die Pukkie-verkope sou vervoer, gekanselleer moes word.**

Die plekke wat bevoorreg was om die eerste besending Pukkies te ontvang, was Bloemfontein, Kroonstad, Welkom, Klerksdorp en Stilfontein.

Saterdag 24 April het daar egter nog vyf busse vertrek en wel na Pretoria, Johannesburg, Germiston, Springs, Alberton, Sasolburg, Parys en Vereeniging.

Daar is reeds 22 000 Pukkies verkoop, waarvan 1 000 deur die Volkspeletoergroep versprei is.

Die totale bedrag wat tot dusver ontvang is is ongeveer R7 000. Daar is egter nog 4 000 Pukkies wat verkoop moet word.

Elke Eerstejaar is verplig om 40 Pukkies te verkoop, en daar kan opgetree word teen diegene wat dit nie verkoop nie.

*Die Pukkie* se prys is verhoog vanaf 30 sent na 35 sent. Dit is te wyte aan hoër drukkoste en die algemene inflasionêre toestande in die ekonomie van die land.

GOEIE KOS!
FLINKE DIENS!
u tevredenheid is ons PLESIER!
BAILIEPARK PADKAFEE
(Langs die Johannesburg-pad geleë).
Besit ook dranklisensie
Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
Tel. 6670



# Studente Beplan Witbank

**'n Aantal studente van die Geologie Departement het gedurende die afgelope vakansie Witbank deurgesnuffel op soek na 'n rede vir die groot industriële vooruitgang van die dorp.**

Onder die leiding van hul dosent, mnr. W. J. Voordewind, het die studente, almal in hul derdejaar, lede van die publiek, winkeleienaars, industrialiste en professionele mense in hulle soeke na inligting ondervra.

Hulle bevindinge sal veral vir die Witbankse Munisipaliteit in die beplanning van dorpsgebiede vir woonsteldoeleindes of die vestiging van nuwe industrieë van nut wees.

Mnr. Voordewind is geen onbekende in Witbank nie, aangesien hy 'n aantal jare gelede 'n soortgelyke opname daar geloots het. Deur vergelyking bied dit 'n duidelike beeld van die huidige tendense in Witbank.

Mnr. A. B. de Villiers, een van die groepleiers, het hom veral met steenkool besig gehou. Hy versamel inligting oor hoeveelhede geproduseer, verkoopsprys, vragprys, verbruik en die opening en sluiting van myne en die koste daarby betrokke.

Alhoewel alle inligting nog nie beskikbaar is nie, dui die bevindinge op 'n daling in die invloed van steenkool op die huidige ekonomiese toestand in Witbank. Daar is opgemerk dat die myne in 'n suid-ooswaartse rigting en ewg van Witbank beweeg. Die steenkoolmyne sal daarom 'n geringer invloed op die toekomstige groei van die dorp uitoefen.

Mnr. J. D. van Brakel bestudeer die ontwikkeling van die industriële sfeer sedert 1960. Hy versamel inligting oor die kragopwekking en voorraad, grondstowwe wat gebruik en die produkte wat daarvan vervaardig word, asook die markte vir sodanige produkte. Die voorsiening van arbeid, die invloed van immigrasie en die sonering van industrieë is ander aspekte van sy studieterrein.

Die sentrale besigheidsgebied en sy funksionering is die studie van mnr. A. Nieuwoudt. Hy lei die ondersoek na aangeleenthede wat met die vestiging van besighede, personeelposisie, die wedywering om klante, die parkeerprobleem en sy invloed op die handel, sowel as die vloei van verkeer deur en na van die dorpsgebiede in verband staan.

Al die navorsers is dit eens dat Witbank in die skaduwee van iets „groots" staan. Die studente was tot nog toe nie in staat om uit te vind wat dit is wat „na Witbank kom nie." maar hulle is van mening dat wat dit ookal is, dit 'n finansiële reus sal wees wat selfs die huidige industrieë in die skadu sal stel.

Nadat al die gegewens saamgegooi is, sal 'n memorandum aan die munisipaliteit voorgelê word en sal dit van nut kan wees by die vasstelling van woongebiede en die sonering van nuwe industriële gebiede.

UPE LIED:

# Goeie Wysies Sonder Goeie Woorde

Die kompetisie wat uitgeskryf is met die doel om 'n Universiteitslied te bekom het nie in sy doel geslaag nie. Volgens 'n verslag aan die Studenteraad voorgelê was daar op die kompetisie wel "goeie wysies" maar daar was glo geen sprake van „goeie woorde" nie.

Daar is sprake dat mej. L. Spies van die Afrikaanse Departement genader gaan word om woorde vir 'n eie Universiteitslied te skryf. Mej. Spies is 'n lektrise in die letterkunde en 'n digteres vir wie die taak nie moeilik behoort te wees nie.

Van die bekendste toonsetters en digters het aan die kompetisie deelgeneem. Nogtans kon nie een van die werke die beoordelaars tevrede stel nie. Hierdie saak geniet op die oomblik die aandag van die Studenteraad en daar sal in die nabye toekoms besluit word of die U.P.E. sy eie lied gaan kry of nie.

# Toer na Verre-Ooste 'n Voldonge Feit

Die toer na die Verre-Ooste wat vanaf 25 Junie tot 26 Julie plaasvind, is reeds 'n voldonge feit. Uit die tagtig aansoeke wat ontvang is, het twintig persone laat blyk dat hulle definitief die toer sal meemaak.

Indien daar nie vyftien persone is wat die toer wil meemaak nie, sal dit gekanselleer moet word.

Mnr. Johan Fick, voormalige president van die Afrikaanse Studentebond, is belas met die toerreëlings.

# VROU STERKER AS MAN

**Mnr. M. C. A. Seyffert van die Potchefstroomse Onderwys-Kollege het op 31 Maart 'n referaat oor „Die Vrouekarakters in die Eksperimentele Prosa van Andre P. Brink" in die Frans du Toit-gebou van die Potchefstroomse Universiteit gelewer. Mnr. Seyffert het al sy studies aan die Universiteit voltooi en ook onlangs sy M.A.-graad behaal.**

Hy het oor die vrouekarakters in **Lobola vir die Lewe, Die Ambassadeur, Orgie en Miskien Nooit Gepraat**. Die karakteristiek van die vrouekarakters is in al Brink se romans geïntegreer, in die sin dat hulle almal dieselfde eendersheid en patroonmatigheid het. Hulle is almal eensame, intellektuele, wanaangepaste mense.

Andre P. Brink maak sy debuut met **Lobola vir die Lewe**. Dit bring 'n radikale keerpunt in die Afrikaanse verhaalkuns teweeg. Die betekenis van die held bestaan as moment in die geïntegreerde karakters van die roman.

Die vryheid, verset, skuld en tydelike van alles word in sy romans beklemtoon en hierdeur lewer Brink ook 'n pleidooi vir die vryheid in die kuns. Brink word as die anargis wat geen gesag buite die werklikheid aanvaar nie beskou. Hy wil deur homself beheer word en voer 'n egosentriese lewe wat op die hier en die nou ingestel is.

In sy prosa word die lewe en die dood teenoor mekaar gestel. Die vrou word as 'n kreatiewe wese, wat geboorte aan die mens skenk, gesien. Sy is ook die aftakelaar wat afbrekende magte kan ontketen, bv. Eva, Delilla en Pandora. Die vrou is swakker as die man en soek by hom beskerming, maar terselfdertyd is sy iemand wat geboorte kan skenk en lg. eienskap maak haar verhewe bo die man.

Al sy vrouekarakters is kunstenaresse en almal het ongeoorloofde voorhuwelikse liefdesverhoudings met die mansgeslag. Aan die einde van die romans pleeg almal selfmoord of word vermoor.

Die vrouekarakters is aan die beskouing van die skrywer gebonde en die fisieke werklikheid word oorbeklemtoon. Lg. hou nie net verleiding in nie, maar staan ook i.v.m. Brink se opvatting i.v.m. seksuele kommunikasie. Hierdeur wil hy 'n metafisiese gedagte by die leser tuisbring, wat nie verder kom as hartstog nie. Die etiese element word hier as 'n teenstellingselement gesien en daar is geen blote handeling nie — slegs rituele handeling.

Die vroue het slegs 'n tydelike betrokkenheid op die manlike karakters. Hulle keuse is egosentries en gerig op die momentele van die aardse. Die mans ondersoek die verleidingsmoontlikhede van die vrou.

Die karakters trek hulle van die handeling terug en word die passiewe waarnemers. 'n Nuwe begrip van die menslike bestaan wil hier tuisgebring word en d.m.v. 'n beklemtoning van die individualiteit ontstaan daar vereensaming van die karakters.

Die karakters is los van God, die kerk, staat en alle gesag en lewe in 'n gebondenheid met die mensdom, waar geen mens bo die ander mag lewe nie. D.m.v. Brink se behendige handeling van die prosa, kan hy die verhoudings tussen mens en mens kunstig verwoord. Hy wil die optrede van die vrouekarakters in die hede verbeeld. Hy gee egter nie die karakters kans om self te praat nie en die vrouekarakters toon ooreenkomste met die denkrigting van Sartre en Camin. Brink dring homself as propogandis op.

Al die vroue het 'n vryheidssin en ongebondenheid wat uitloop op 'n eksistensialistiese lewensbeskouing, wat aanvaarbaar is vir die Christen sowel as die nie Christen. Lewensmoegheid en verstraktheid word in die karakters aangetref.

N.a.v. 'n bespreking na die referaat, is daar tot die slotsom gekom dat Brink as simptoom belangriker is as Brink as skrywer. Hy't 'n eksperimentele drif wat vorm betref, maar wat die tematiese betref, is daar 'n skraalheid.

Die Wapad word uitgegee vir die eienaars, Die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur Interad (Edms.) Bpk., Olënlaan, Posbus 515, Tel. 7184, Potchefstroom en word gedruk deur Carletonville Pers (Edms.) Bpk., Amethyststraat, Carletonville. Tel. 6184, Posbus 406, Carletonville.



Sy edele Min. J. P. van der Spuy, verskyn in teenwoordigheid van die Kanselier, sen. J. de Klerk, en die rektor prof. H. J. J. Bingle.
*Foto: Fotokuns.*

# P.U. HET DIE MEESTE NAGRAADSE STUDENTE

**DIE MINISTER van Nasionale Opvoeding, sen. J. P. van der Spuy, het tydens die gradeplegtigheid vir gevorderde grade en diplomas op Saterdag 24 April gesê dat dit die staat ongeveer duisend rand kos om een student jaarliks op universiteit te hou. „In die lig van hierdie gegewens behoort dit nie vir my nodig te wees om die groot verantwoordelikheid wat op die universiteite rus om die fondse wat die staat bewillig, doelmatig en ekonomies aan te wend ter bevordering en verwesentliking van hulle werklike doel en funksie nader te omskryf en te beklemtoon nie."**

Sen. van der Spuy het gesê dat oordeelkundige bepaling van norme en standaarde vir residensiële en akademiese geboue, sowel as deeglike beplanning van die grootste belang is in die bepaling van prioriteite wat betref die toekenning aan universiteite.

Hy het voorts op die nypende mannekragtekort in Suid-Afrika gewys en gesê dat dit die plig van universiteite is om oorvleueling van opleidingsaktiwiteite uit te skakel sodat die beperkte mensepotensiaal so produktief as moontlik aangewend kan word. Die tyd is ryp dat universiteite, in samewerking met kolleges vir gevorderde tegniese onderwys, 'n voortdurende studie moet maak van die aard en omvang van bestaande en nuwe kursusse ten einde die funksies van die inrigtings vir hoër onderwys soveel moontlik te beperk tot die doel wat hulle behoort te dien in 'n gekoördineerde stelsel van hoër onderwys

„Daar bestaan regverdiging voor dat alle universiteite 'n bepaalde diens lewer waarvoor daar 'n groot nasionale aanvraag bestaan. Daarteenoor moet enige neiging om ter wille van prestige en getalle elke denkbare departement of kursus in te stel, teëgegaan word," het sen. Van der Spuy gesê.

Sen. Van der Spuy het die graduandi gelukgewens met die mylpaal wat hulle bereik het en hulle aangemoedig om hulle teoretiese kennis prakties te gaan toepas. Hy het verder daarop gewys dat die P.U. vir C.H.O. die Suid-Afrikaanse universiteit is met die grootste persentasie nagraadse studente.



Prof. G. Jordaan, voorsitter van die Nasionale Onderwysraad, verskyn saam met ds. A. A. Venter en die rektor, prof. H. J. J. Bingle in die gewone volgorde.
*Foto: Fotokuns.*







Mnr. M. P. Fick die nuwe Koshuisbestuurder. *Foto: Fotokuns.*

## STUDENTE BELOER DIE PRAKTYK

**DIE TWEEDE- en derdejaar studente saam met twee lektore, mnr. C. J. Maritz en mnr. T. Serfontein van die Departement Naturelle-administrasie, het die geleentheid gehad om hulle vak in die praktyk te sien funksioneer tydens hulle besoek aan die Tswanagebiede by Mafeking gedurende Maart.**

Met hulle aankoms is hulle deur 'n erewag van Bantoeskoliere met wapperende vlae ingewag. Dit was tydens die opening van die Tswanagebiedsowerhede.

Sy Edele, die Kommissarisgeneraal, dr. Kloppers, het die openingsrede gehou. Die hoofraadslid mnr. Monoplie, het 'n twee-uur lange toespraak uit die vuis gelewer. Hy is in die moeilike posisie om in die Blanke sowel as die Bantoe se guns te bly. Miskenning van een van die twee sal beteken dat hy sy pos sal verloor. Dr. Moloti het tydens die geleentheid as tolk opgetree.

Die verrigtinge is op die Westerse metode gebaseer, alhoewel sekere Bantoegewoontes soos die pryslieders vir 'n spreker nie heeltemal ingeboet word nie. Terwyl die prosessie van lede die sal verlaat het, is die Suid-Afrikaanse en Tswanavolksliedere deur 'n Bantoe-orkes gespeel.

Daaarna het die onderskeie departemente se direkteure en die hoofdirekteur hulle verder omtrent die samestelling en funksionering van die Twsanaregering ingelig. Die doel is om die Tswana geleidelik tot eie selfstandigheid te help. Netso is dit die Bantoebeleggingskorporasie se doel om die Bantoe bewus te maak van die winsmotief.

Die Kommisaris - Generaal het in sy toespraak gesê dat die administrasie 'n moeilike taak het om die Bantoe op te hef, want sy tradisie is 'n groot remskoen. Daarom word die Bantoe nou eers in die tersiëre bedrywe soos winkels, slaghuise, leer- en sisalbedrywe betrek om hom so vir die meer ingewikkelde bedrywe voor te berei.

Humor was nie op die toer uitgesluit nie en die toergroep het heelwat ondervindinge opgedoen. Nog voor hulle Mafeking gehaal het, het die blou Landrover se enjin al probleme gegee en daar was net plastiese sakke wat moes dien as waterhouers. Met die opwinding en pakkery het die gaslampe agterweë gebly. Die eerste aand het hulle in tente geslaap terwyl dit hard gereent het. In die geharwar het een van die Landrovers se sleutels weggeraak en is daar noodgedwonge 'n Mercedesslot by die naaste garage ingesit.

# Ons Stel Bekend

Mnr. M. P. Fick is met ingang 1971 as hoof van die P.U. se koshuisadministrasie aangestel. As 'n gebore Wes-Transvaler het hy sy skoolloopbaan op Christiana voltooi.

Daarna het hy in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement getree en was as administratiewe beampte werksaam op verskeie dorpe. Sedert 1965 het hy die P.O.K. se koshuisadministrasie waargeneem en vanaf 1 April 1970 was hy as administratiewe beampte in die Tegniese Departement van die P.U. werksaam. Vanaf 1 Januarie 1971 is hy as hoof van die koshuisadministrasie, wat 'n wye veld van pligte en verantwoordelikhede inhou, aangestel.

Voorheen was die pos bekend as *Koshuisbestuurder*, maar die verpligtinge het sodanig uitgebrei dat daar verskeie poste geskep is wat almal onder die hoof van die koshuisadministrasie ressorteer. Mnr. Fick is dus veel meer as net „kos-omie" en hy oefen beheer uit oor die aankope, voorrade en spyseniering. Vanaf 1 Maart 1971 is mnr. J. du P. Venter aangestel as permanente spysenier, aangesien die spysenier direkte toesig by die voorbereiding van die voedsel kan hou, kan daar meer aandag gegee word aan gebalanseerde spyskaarte en beter voorbereidingsmiddels.

Mnr. Fick het verder gesê dat daar vanaf vanjaar van 'n somer- en 'n winterspyskaart gebruik gemaak gaan word. Hy beskou dit as 'n belangrike vereiste, vanweë die groot klimaatuiterstes in Potchefstroom, dat die spyskaarte vir die somer en winter sal verskil.

By voltooiing van die nuwe koshuiskompleks noord van Karlien en Heide sal die werk van die koshuisadministrasie aansienlik uitbrei. In die kompleks wat beplan is om 1000 studente te huisves, is daar voorsiening vir 'n eie kombuis en vier eetsale gemaak.

Mnr. Fick het ook gesê dat hy dit sal waardeer as daar moontlik 'n stelsel ontstaan waar deur studente die koshuisadministrasie in kennis sal stel as hulle naweke weggaan. Gedurende naweke kan die hoeveelheid kos wat voorberei word tans nie verminder word nie en dit bring mee dat groot hoeveelhede weggegooi moet word. Hy het dit beklemtoon dat die koshuisadministrasie dit nie om 'n winsmotief wil doen nie, maar dat samewerking van die studente se kant kan veroorsaak dat daar minder kos oor naweke vermors sal word en dat dit sal lei tot die verbetering van die kos deur die week.

Voorts het mnr. Fick gesê dat daar nie baie vandalisme in die koshuise voorkom nie. Die onderhoud van die koshuise kom uit die losiesgeld en blykbaar besef die Pukke dat hulle hulself net sal benadeel as hulle die koshuise verniel.

## PUK IN S.A.-SPAN

Hartlik geluk aan Elza de Wet wat daarin geslaag het om die S.A.-korfbalspan te haal vir 'n wedstryd teen die Res van Suid-Afrika. Hierdie wedstryd sal gespeel word tydens die Republiekfees in Kaapstad as die Korfbalunie se bydrae tot die Republiekfees. Twee ander Wes-Transvaalse speelsters, R. Bean en S. Bodenstein, het daarin geslaag om die span van die Res van Suid-Afrika te haal.

BY VOORKEUR

Gebak deur

Turkstra

BY VOORKEUR

die WAPAD

# DIE PUKKE HOU KARNAVAL

Dit sou sekerlik nie onvanpas wees om by hierdie geleentheid 'n woord van nabetragting te spreek oor die Karnaval wat slegs in die geheue sal voortbestaan nie.

Dit is sekerlik die enkele groot sentrale aksie waartydens die studente die geleentheid kry om as eenheidsgroep te deel in die kampuslewe van die Universiteit. Tesame met Intervarsity moet dit dan ook in hierdie lig gesien word. Die toenemende getalle en die spesialisasie maak dit prakties onmoontlik vir alle studente om te alle tye aan alle georganiseerde of ongeorganiseerde aktiwiteite op die kampus deel te neem of deel te hê.

Die toenemende gebondenheid aan Fakulteitsgroep of koshuiseenhede skyn alreeds die algemene betrokkenheid by die Universiteit te oorheers. Hiermee hoef die lojaliteit teenoor die Universiteit egter nie noodwendig verlore te gaan hie. Dit is immers ook maar analoog aan Suid-Afrikanerskap en Afrikanerskap wat nie uitsluitende begrippe is nie. Daar kan, en moet, aan beide verbande gelyktydig aandag gegee word. Hoogstens kan dit gaan om die plaas van 'n verkeerde aksent by groepsgebondenheid en eenheidstrewe in die geval van die plaaslike omstandighede.

In lojaliteit kan die koshuis, of Fakulteit, of sportsoort, of vereniging nie gestel word bo die lojaliteit aan die Universiteit nie. In praktyk kan dit wel gebeur dat voorkeur gegee word aan mindere groepsbelange, wat geduld kan word solank dit nie in stryd is met die groter belange nie.

In hierdie lig is die Karnaval dan ook die weergawe van eenheidsoptrede op die kampus. Tydens Intervarsity sal hierdie gesindheid ook weer getoets word — oor 'n veel korter tydperk. Tog kan die afloop van die Karnaval getuig van 'n oppervlakkige belangeloosheid onder meer van die seniorstudente. Die uitvoering en deelname het tot rus gekom in die hande van die juniors. Goed. Maar dan moet die leiding van die seniors nie ontbreek nie. Dat daar wel groot belangstelling van die kant van die seniors was, word aanvaar.

Dit wil egter begin lyk asof Karnaval nie meer die groot genoeg prikkel is om die studente as eenheid te laat optree nie. Die grafiek begin ietwat na onderneig. En die oorsake daarvan sal veelvuldig wees. Dit sal met ywer en toegewydheid vasgepen moet word.

Oor die algemeen 'n groot sukses en die organiseerders daarvan kan gelukgewens word met die resultate.

# P.O.K. SAL OPGEWONDE WEES

Ter wille van die ywer en entoesiasme van die POK-studente sal dit die moeite loon om Saterdag die Eerstespan die nodige ondersteuning te gee. Hoewel hierdie wedstryd nie vir die PUKKE in dieselfde lig as Intervarsity gesien moet word nie, het dit tradisioneel ontwikkel tot 'n emosionele gebeurtenis wat ook die ondersteuning van elke student vereis. Sterkte aan die Eerste Rugbyspan.


CACHET APTEEK

DIE STUDENTE-APTEEK

*Agente vir . . .*

★ REVLON- EN RIMMEL SKOOHNEIDSMIDDELS

★ TABAC PREPARATE VIR MANS

**Kom oortuig uself van ons onoortreflike diens.**

TEL. 4201 — TOMSTRAAT 92

●

*Groot genoeg om u te bedien*

*Klein genoeg om u te ken.*


● *Hierdie week word 'n artikel wat in Woord en Daad verskyn het geplaas. Die skrywer is steeds betrokke by studente-aangeleenthede en het hom reeds by verskeie geleenthede daaroor uitgelaat. In plaas van 'n studentemening kry u dan 'n mening oor studente. Mnr. Johan Snyman skryf oor:*

# HOE STAAN DIT MET DIE AFRIKAANSE STUDENT SE IDENTITEIT?

**studentemening**

Van studente in die buiteland word gesê dat hulle „students in search of the university" is. Vandaar hulle betogings en die skielike politieke fokus op die verskynsel van ons tyd. Hier te lande word gemeen dat hierdie „sieklike" verskynsel slegs waar te neem is by Engelstalige universiteite.

Die is eens genoem die uiting van politieke frustrasie by die Engelstalige student, omdat hy hom nie kan vereenselwig met die regerende volksparty, die Nasionale Party, nie. Omdat dit studente is wat in die fokus is, en nie byvoorbeeld vakleerling of jongmense in ander sektore van die lewe nie, is daar tereg gesê dat hierdie bepaalde faksie van die samelewing geen besondere politieke voorregte verdien nie.

Hiermee is die onregmatige klem wat studente elders in die samelewing ontvang het, getemper, hoewel daar gedink word dat opstote op Engelstalige kampusse 'n oorwaaisel is van die revolusies op Amerikaanse en Europese kampusse hierheen. Daarmee is myns insiens nie genoegsame aandag gegee aan die nuansering van die „revolusies" hier te lande nie, en aan die feit dat hierdie „revolusies" nie soseer is „in search of the university" nie.

**VRAAG NA IDENTITEIT.**

Dit raak die breëre konteks van ons saamleef in hierdie land, wat tans merkbaar word op veral universiteitkampusse. Die eienaardige is dat in studentegeledere tans onderwerpe aan die orde is rakende die wese en taak van die student en die universiteit, waar kwalik vyftien jaar terug besprekingsaande gehou is oor byvoorbeeld „die republikeinse ideaal", terwyl studente toe nie gepoog het om die orde buite die universiteit op sy kop te plaas nie.

Die vraag is vandag na (studente-) identiteit, maar die problematiek brei hom uit nie soseer na rasseverhoudings soos algmeen die indruk gewek word nie, dog na die verhoudings tussen Afrikaans- en Engelssprekende studente, en breër: na die verhoudings tussen Afrikaners en Engelse binne Suid-Afrika. En hier is tendense (tans 'n modewoord) merkbaar, wat die *status quo* van die afgelope hoeveel jaar omkeer — met die gevolg: identiteit (wie s'n ookal) maar veral die van die Afrikaner, beland ongemaklik in die dorings.

Een en ander ter illustrasie: Begin September berig die pers van 'n Afrikaanse dosent wat hom tydens 'n simposium te Grahamstad ten gunste van betogings uitspreek wat deur liefde gemotiveer word, omdat Suid-Afrika nie 'n menslike land is nie. Maar op die A.S.B.-kongres in Julie te Port Elizabeth was daar vanuit een sentrum 'n oorvurige aanspraak op die „Afrikanersaak": iets in die trant van 'n kosbare kleinood wat bewaar moet word, met 'n vertonerige dinamiek daarby wat wil hê dat die „Afrikanerstudent" hom bewus moet wees van die gevare wat hierdie saak bedreig en van die edele en grootsheid van sy saak en taak wat hom tot op hede gerugsteun het en gevrywaar het van verval in 'n kleurlose, ruggraatlose massa.

Ek het tot die gevolgtrekking gekom: **met veel hol woorde word geroem in 'n laertrekmentaliteit** 'n Laaste voorbeeld: Einde Augustus is 'n simposium deur Potchefstroomse studente gereel, met as onderwerp: „Studente van 70" — op die voorpunt Onder andere het aan die gesprekforum deelgeneem 'n student en 'n dosent van Wits.

**ONSEKER.**

Die volgende was opmerklik: die Engelse student kon eerlik en onbevange sy Afrikaanse kollega tipeer (as ideologies te instemmend met die „main stream in politics", weinig krities en bitter min distansiërend). Hierteenoor kon (of wou?) niemand 'n op - die - man - af - definisie van die Engelse student vanuit Afrikaanse geledere gee nie.

'n Belangrike sakie wat aangeroer is, is opgehaal deur die Engelse dosent aan die einde van die simposium: na aanleiding van die voorafgaande bespreking kom hy tot die vir hom vreemde gevolgtrekking dat die Afrikaanse student onseker is en soek na 'n omlyning van sy rol in landsake. Hy is identiteit bewus, maar soek na sy eie identiteit.

**VREEMDE KONKLUSIE**

Hieruit volg 'n miskien vreemde konkulsie: **Daar is 'n gewisse distansiëring deur die Afrikaanse student van die defensiewe afwysende houding van die Afrikaner van so twintig-dertig jaar terug soos beliggaam in die ideaal van eksklusief Afrikaanse kultuurbewegings op volksvlak. Defensief kan die Afrikaanse student nie meer wees nie.**

Want 'n deel van die Afrikaanse student het (kultureel) mondig geword. Kan dit anders na 22 jaar van politieke bedeling waarin die Afrikaner die „vinger in die paai" gehad het? Hy is nou bewus van sy besliste „ja" of „nee", van sy stem-dik-maak-dan-luister-die-wêreld.

Kortom gesê: die ideaal van sewentig, honderd of meer jaar het hom nou ingehaal, en wat nou? Is dit werklik? Hoe tree 'n mens op as grootmens? Die saak word enigsins verwikkelder as die Afrikaner(-student) begin besef dat sy stem 'h rolletjie begin speel in breër landsgeledere en wêreldkonteks, waaroor straks meer.

Die eienaardige is egter dat met die oënskynlike ontgroeiing van die Afrikanerbewussyn van sê 1938 se Simboliese Ossewatrek (wat 'n funksionele voortrap was vir die huidige bewussyn die Afrikaanse student nie met sy Engelssprekende eweknie vergroei het nie. Laasgenoemde is vir hom so goed as 'n oorsese besoeker op sy kampus. Miskien daarom dat daar tans so 'n merkwaardige tendens tot onderlinge kontak tussen Afrikaanse en Engelse stidente is, blykbaar omdat die Afrikaanse student tans ontdek het dat die Engelse student (en hoofsaaklik die sg. konserwatiewer Engelse student wat vertrou word die meerderheid op die Engelse kampusse te wees) sy verantwoordelikheid ontdek het — 'n verantwoordelikheid wat die twee groepe mag deel, hoewel vanuit verskillende samehang, sowel as die besef wat (blykbaar) by Engelse studente begin posvat dat die Afrikaner-eksklusivisme by die Afrikanerstudent vervaag het.

Simptome van verval tot kleurlose massaliteit of sg. toegewing aan die Engelsman? Ek glo nie. Daarvoor sing die huidige samehang van wêreld- en landsake 'n nootjie mee in ons balade:

Daar is byna eenparige afkeuring teenoor die bedrag wat die Wêreldraad van Kerke bewillig het om terroriste-organisasies te help om „rassisme" te

Vervolg op bladsy 5

## Uit die Woord

# Tydelike Aktualiteit

1 Kor. 13:7 — Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.

*'n Vers uit die refrein oor die liefde. 'n Oorbekende gedeelte by allerlei geleenthede. En tog; bedink die paar woorde hierbo. Bedek! Glo! Hoop! Verdra! Vir die vaartbelynde student van 1971 voel hierdie woorde so buite die harde lewe van elke dag. Dis 'n taal wat net nie gepraat word in die lewe nie. Dis so sonder dryf, sonder polsing. Eintlik 'n bietjie naïef. So voel dit as ons die spieel teenoor die lewe opgehang het.*

*Kom ons maak dit meer persoonlik. Hang die spieel teenoor uself op. Neem weer die vier woorde op u lippe ten opsigte van uself. Voel u; dit pas. Van uself verdra u baie. Ons glo in onsself; ons hoop van onsself vele dinge. As dit nou werklik op die man afkom; hoeveel van uself sien u nie maa: oor nie.*

*En nou gaan u van hier af na die mense rondom u. Die fontein is selfliefde, nou besproei u die omgewing, u vriende met die water van egoisme. U het u vriende lief omdat u uself liefhet.*

*God het die orde omgekeer. Ons kon Hom nooit meer liefhê uit onsself nie. Maar hy het ons eerste liefgehad en Sy Seun, u Here Jesus Christus gestuur ter wille van ons selfliefde. Sodat u nou kan liefhê omdat Hy u eerste liefgehad het. Hy word nou ook die fontein waaruit ons liefde kom. Ons skuldbrief is nou beskrywe in die bloed van Jesus en daarmee is die voldaan kwitansie vir al ons sondes uitgereik. Dan word hierdie vier woorde aktief in ons. Moenie uself neem as fontein nie, u het 'n beter een. Maak die naïewe lewenswyse van die liefde u eie. Hierdie woorde spel ook 'n taal vir die mondige student van 1971.*

*F.P.*



Johan Swanepoel verduidelik aan sy kampvuurmakkers wat hy die vorige nag op die strand gedoen het. Die foto is geneem tydens die Florna-uitstappie na Mosambiek. *Foto: Fotokuns.*



Flip Dwinger en Jan Silvis ontspan op die strand van Mosambiek tydens die Florna-uitstappie. *Foto: Ben van der Walt.*

# STUDENTEMENING

bestry — ook by Engelssprekendes. Hierteenoor is daar neigings van die Kerke in Nederland, waarmee die Afrikaanse siusterskerke verbintenisse het, om hulle by die Wêreldraad van Kerke aan te sluit.

### KRITIESE HOUDING

Dit is opmerklik dat in die afgelope verkiesing die begrip „blanke baasskap" (wat 'n verkiesing of wat gelede 'n N.P.-spreuk was), indien nie vreemd op die ore nie, vir 'n toenemende groep Afrikaanse studente afstootlik was — omdat dit oneerlik voorgekom het, gesien in die groter raamwerk van die sg. Skrifgefundeerde volkerebeleid.

'n Oormatige kleurbewustheid is besig om plek te maak vir kultuurbewustheid vir sover dit veral die politiek raak en vir sover die begrip „soewereiniteit in eie kring" aan momentum wen onder die Afrikaanse student.

Die Afrikaanse student, hoewel nog vanuit 'n ander agtergrond, begin in groter mate die kritiese houding met sy Engelse kollega deel, hoewel die twee groepe se mikpunte nie dieselfde is nie. Dit het tweërlei tot gevolg: dit het by die Afrikaanse student gedaag dat sy Engelssprekende kollega ook by sake hier te lande betrokke is, en tweedens: die verdwyning van 'n antagonistiese Boer-Rooinek-verdeling.

Hierdie verdwyning van seksionisme m.b.t. Afrikaans-Engels verhoudings word geïllustreer deur die groter diversifikasie van politieke siening in Afrikaanse geledere (sowel binne as buite die Nasionale Party in die jongste tyd) — 'n tendens wat hopelik sal bydra tot die degradering van die beslissende rol wat politiek speel in die Afrikaanse kultuur.

Waarheen lei dit? Dit lei tot die besef dat beide Afrikaanssprekende en Engelssprekende student krities by landsake betrokke is. Maar hoekom dan tog verskillend betrokke? Die Afrikaanse student is bang dat hy ondanks sy sg. politieke oorwig op sleeptou geneem kan word deur die Engelssprekende (-student), omdat lg. die praktyk onder die knie het, terwyl eg. bly vassteek op die duidelikheid al dan nie van die beginsel van die saak. Die Afrikaner (-student) het nog nie geleer om sy beginsels te hanteer nie, om dit op te volg nie.

Die gevolg: 'n daadlose, onheldere, onverkwiklike clichegebrabbel. En dit maak 'n gesprek met sy Engelse landgenoot so openbarend en tog so moeilik.

### POSITIEF BETROKKE

Iets anders spring in die oog. Vanweë heelwat internasionale verwikkelinge begin die Afrikaans sprekende besef dat hy positief betrokke is by wêreld- en Afrikasake. Hy het meteens belangrik geword, want sy land kan belangrike dinge bied: 'n veilige seeroete, met binnelandse bestendigheid waarvoor daar nog altyd defensief (met heelwat masogisme daarby) geywer is. **Maar:** hoe verander hy eensklaps van 'n defensiewe „wag-maar-julle-sal-nog-sien"-mentaliteit na 'n oop, onbevange, meeslepende, (offensiewe?) gesindheid? Hoe behou hy sy vonkel as die prop van die bottel af is? 'n Mens kan antwoord met 'n teenvraag: waarom moes die wyn dan vir die afgelope jare beleë word? As die wyn wat so lank in vaatjies gehou is met die goeie geloof dat dit gefortifeer moet wees teen die regte tyd, en dit kan niemand in vervoering bring op die regte tyd nie — vandag — dan mag ons nie verskoon dat iets „skortende" is met die smaakorgane van die proewers nie, maar moet ons onseslf verwyt oor die bestanddele van die wyn en sy makers.

As dit die onsekerheid is wat dan heers, dan is die soeke na 'n omlyning van die rol van die Afrikanerstudent gediagnoseer: hy twyfel of hy moet skink en aanbied. Mag hy twyfel? Die eenvoudige raad is: gaan hou fees met daardie beleë wyn, die Christelik-nasionale beginsel wat trag om op skrif te staan, in die bedryf, in die klaskamer, in die koshuis, op die Engelse kampus, in die bank, in die hof, in die kerk(!), in die kampong, orals.

## SPOGTOER NA MOSAMBIEK

Florna se kort toer gedurende die kort Aprilvakansie na Ponta Zavora blyk 'n reuse sukses te wees, aldus die Toerouers, mnr. en mev. Johan Kruger.

Ongeveer veertig studente van die PUK het die uitstappie, wat deur Florna georganiseer is, meegemaak.

Tente het die dames op Ponta Zavora gehuisves terwyl die mans hulle op die strand en die permanente inwoners se stoepe en grasperke tuisgemaak het. Vars water is aangery en kos is saamgeneem.

Die vissermanne het, nieteenstaande pogings met visstokke en pylgewere bedroë, daarvan afgekom. Aanvalle van bosluise kon nie suksesvol afgeslaan word nie, sodat vier kampeerders met bosluiskoors teruggekeer het.

Die toer het vanaf 3 tot 12 April plaasgevind.

Die bruingebrande toerlede stem met kobus van der Walt saam: „Dit was *genuine* groot en uniek."

# UIT ALLE OORDE

### PIETERMARITZBURG

Studenteleiers van die Natalse Universiteit het die N.G. Kerk as 'n „onverdraagsame minderheid" bestempel wat nie toegelaat sal word om met die plesier van die studente in te meng nie.

Hierdie verklaring van die studente is 'n teenaanval teen die Kerk nadat hulle gekritiseer is oor 'n Popfees wat hulle op 'n Sondag aangebied het.

Ds. Colyn, die moderator van die N.G. Kerk in Natal, het 'n verklaring uitgereik waarin hy meld dat die fees „'n ontstellende gees van permissiwiteit" openbaar.

# OOR DIE ONDERDEUR

O koud is die windjie en skraal,
om die hoek 'n midi hou toe,
Daarnaas — een norse man, want,
Waar het die bene heen gegaan?
— Die plesier van die man in sy lewe.

Oe-la-la! Hoe salig om kuis en warm te voel. Die eerste vreemdheid laat jou voel soos ouma dertig en die tweede soos die aster van vandag.

Of hoe?

Met midi en al is die verloofring tog vandag **Analize Coetzee** se Voorlopige Vonnis.

Ai, ou **Leo** was weer op en wakker. Sy's pragtig **Leo**, maar wat is haar naam?

**Nico** het oortree, toe kry **Marycke** hom, die tolgeld was 'n yslike verloofring. (From bad to worse)?.

Dat Joe toe in Mosambiek vir **Annelize** moes gaan moeg sê. Wat is verkeerd met Potch.?

Gehoor van die nuutste Kampus-Treffer? „Watch those two" Dit is in L.M. gemaak en hier vertoon deur **Kobus van der Walt** en **Hannie de Bruyn.**

**Marius** en **Annelize** ry deesdae so baie in die Volvo rond dat hy seker al vergeet het hoe 'n rugbybal lyk.

Van wanneer af word **Muise** in **Blikkies** verpak?

**Klatie Slabbert** en haar apteker is erg verlief op dieselfde kleur en nou anti-Puk-broeke? Dit verskaf seker 'n gevoel van eenheid.

**Barney** is tans die kassieprediker vir aster met kort hare. Sy **Lynette** het die K.K.K. gewen! (Koshuis-korthaar-Kompetisie).

**Ernst Botes** soek **Sanet** van Klawerhof.

Om te dink dat die besadigde **Quintes Pelser** toe so Oosterhofmal kan raak met Karnaval.

Sosiologie! Die SLEEPvak hier. Dat sosiologie nou hier sulke dinge aan **Hennie Groenewald** en **Leonie van Heerden** kon doen.

**Detlev** se aster soek raad. Sy stap haar skoene deur. Enige bydraes?

**Lynnette van der Merwe** voel erg bederwe — deur **Anton** natuurlik. Ek hoop dit is aansteeklik.

**Danie Hugo** (Speedkills) vat dit maar kalm as hy naweke in **Pretoria** bergklim.

Om te dink dat **Kulu** nou 'n oase in die **Kalaharie** wil soek!

Na die lang naweek hoop ons op 'n verrassing. Net **Carina Krige** en Stellenbosch se **Barnards** sal dit kan bewerkstellig.

Sulke verrassings het ons reeds van **Andri Theunissen** met **haar doktortjie** en **Hettie Beukes** met haar **Loggies** gehad.

Tot 'n ander keer Pukke.
Mmm.

# Teologiese Skool Vergroot

Meer as R150 000 se uitbreidings aan die Teologiese Skool is onlangs goedgekeur. Daar is reeds met die eerste fase van die uitbreidings begin.

Die biblioteek van die Teologiese Skool word met meer as sy huidige kapasiteit vergroot. Die huidige senaatskamer, die rektorskantoor en van die professore se kantore word daarby betrek. Daar word ook voorsiening gemaak vir studielokale vir gevorderde studente en 'n keldervloer wat as argief sal dien.

'n Nuwe senaatsaal, kantoor vir die rektor en kantore vir dosente word by die huidige trap wat die grondvloer met die boonste vloer verbind, ingeskakel.

Die klaskamers word terselfdertyd klankdig gemaak om die geraas van die verkeer in Van der Hoffweg uit te skakel. Ook word die klaskamers van lugreëling voorsien.

Weens die feit dat die lokaal waarin die Departement Spraakleer en Drama gehuisves is, binne kort afgebreek gaan word om plek te maak vir die bou van die Studentesentrum, word die woonhuis te Hoffmanstraat 6, wat deur die Universiteit aangekoop is, tans sodanig verander dat die Departement Spraakleer en Drama dit kan betrek. 'n Kleinteater, wat sitplek vir honderd mense sal bied word ingerig en tydelike geboue word opgerig om as lesinglokale te dien.


TINAS MODEHUIS

TEL. 5780 — LOMBARDSTRAAT 55 — TRUSTBANK-DEURLOOP — POTCHEFSTROOM

★ PROBEER ONS VIR AL U BENODIGDHEDE

★ ALTYD DEFTIGE EN AANDDRAG IN VOORRAAD

★ ONS STUUR OP SIG UIT


★ SPESIALE 20% AFSLAG AAN STUDENTE

# KARNAVAL - '



Die Universiteitskoor maak sy debuut onder leiding van prof. Pieter de Villiers tydens die Karnavalkonserte. *Foto: Fotokuns.*



Die vuur van ons vreugde het kleurryk ten hemele gestyg. Die foto is geneem op die Bill Swart-Ovaal tydens die opelugvertoning. *Foto: Fotokuns.*

Bo: DIE WENVLOT. Die tema vanjaar was rolprente. Heimat het 'n bekende fliek versinnebeeld en daarmee die eersteprys voor die ander deelnemers weggeraap. Hulle het ook die beste stalletjie gebou en vroeër vanjaar die sêrkompetisie gewen. *Foto: Fotokuns.*



Onder: Charles Venter van Gatland ry rustig saam op sy koshuis se vlot deur die strate van Potchefstroom. Die vlot het „Bridge on the River Kwa(a)i'' uitgebeeld. *Foto: Fotokuns.*



Len Lindeque „pose'' vir Piet Fotokuns tydens een van die Karnavalkonserte. *Foto: Natuurlik Fotokuns.*



Die rektor, prof. H. J.
Karnaval op die Kampus.



Kobus Booyens (Voorsitt
polisiehonde wat ywerig p



Sommige van die motors


# 71 - KARNAVAL




gle, lees die Karnavalproklamasie tydens die amptelike opening van die *Foto: Fotokuns.*



Nog een van die vlotte tydens die optog deur die strate. „From Russia with Love" is die tema. *Foto: Fotokuns*



die Karnavalkomitee) lyk heeltemal gerus op die stellasie. Dit is slegs om hom by te kom. Die foto is geneem tydens die opelugvertoning. *Foto: Fotokuns.*



Die LYWIGES gooi alle kragte in die stryd om die wenstreep te bereik tydens die boeresport wat Woensdagmiddag as deel van die Karnavalprogram gehou is. *Foto: Fotokuns.*




ie?) kon nie met rus gelaat word nie. *Foto: Ben van der Walt.*



Tydens stalletjiesdag was die tema: EXPU '71. *Foto: Fotokuns.*

# OP DIE KOSHUISFRONT

### MATRONE VERTREK.

Die matrone van Klawerhof, mevrou Pretorius, staan op vertrek. Sy is reeds vanaf 1960 aan werhof verbonde.

Saam met tannie Snyman is sy baie gewild onder die dames en het sy ook aan die koshuis vasgegroei. Wanneer nodig was sy beslis streng, maar ten spyte daarvan het al die dames geweet dat hulle enige tyd lief en leed by haar kon gaan uitstort.

Tannie sê sy sal baie na Klawerhof en die dames terugverlang.

Tannie Pretorius sleep ook knaend sedert laasjaar en het besluit dit sal baie aangenamer wees om te gaan trou as om haar lewe hier te slyt.

Sy was nog met ons tot einde April toe sy na Springs vertrek het waar sy gaan voorbereidings tref het vir die naderende huwelik. Na die huwelik met mnr. Willie van Zyl sal sy haar op Discovery vestig.

Die dames wens haar almal 'n gelukkige huwelik toe en ons hoop sy sal nie vir Klawerhof vergeet nie.



Mevrou Pretorius.
*Foto: Fotokuns.*



**Die groot oomblik tydens die boeresportkompetisie tussen die dames van Klawerhof. Uitspan was ook teenwoordig om die aangeleentheid op te helder. Op die voorgrond verskyn Sunet Nel, Elmarie Keussel, Dalene van Dyk, Johanna Smit, Lina Wierenga, en Annatjie Uys.**
*Foto: Fotokuns*

### KLAWERHOF BOERESPORT

„Ons daag julle." So het dit geklink toe die Tweedejaardames van Klawerhof die Eerstejaars tot 'n Boeresport uitgedaag het, en op Maandagaand 29 Maart, in sleeptyd, het hierdie kragmeting op die Chemiekampus plaasgevind. Die dames van Klawerhof is vergesel deur die manne van Kompleks en ook hulle kan van 'n aangename aand getuig.

Reeds met die aankoms het die geur van gebakte pannekoek mens oorweldig en dames (Sunette Nel en Cecile Basson), soos ons oumas van die twintigerjare, het oral hul verskyning gemaak en veral die lagspiere geprikkel.

Koos Kaffer het die byeenkoms amptelik geopen en die eerste item aangekondig.

Driebeenresies vir dames was eerste op die program en die manne van Kompleks het ook so saam-saam gehardloop. Daar was oral hoogstaande talent wat beloon is met pryse uit die hoogste rakke . . . 'n suigstokkie.

Die „pynpolisie" (of te wel die noodhulpdames) was op hulle pos soos dit by 'n sportbyeenkoms hoort en hul eerste pasiënte was 'n droewige geval: Flip van der Walt en sy driebeenmaatjie Fred wou vier bene gebruik — die gevolg — nerfaf bene, maar gelukkig het die verpleegsters ook „salfies" vir alles.

Dit was 'n „groot" aand. Die uitslag van die weddenskap was ook 'n verrasing — die Tweedejaars tree as oorwinnaars uit die stryd met die Eerstejaars gretig in die tweede plek.

Sing-sing is die Boeresportlede terug koshuis toe waar die manne 'n vinnige inter-koeldrank by Klawerhof geniet en die aand op 'n hoë noot afgesluit het.

★

### KASTEEL.

Kasteel bestaan vanjaar uit nege vleuels en huisves tans ongeveer vierhonderd - en - dertig mansinwoners. Dit lê oor 'n afstand van amper 'n kilometer uitgestrek.

Die tradisie leef voort, hoewel sommige van die vleuels reeds die name van **Republiek Hektaria, Roelandstraat, Lohokis** en **Grammadoelas** dra.

Hierdie koshuis spog met die ruimste kamers op die kampus wat bereikbaar is langs slegte paaie wat tans in herbou is. Ganggees sorg vir groot deelname aan kampusaktiwiteite.

★

### HEIDE.

„Nou toe nou", sal julle sê. Of dalk net — „Haai, ek het nie geweet nie". Miskien is dit waar, miskien het julle nie geweet nie. Maar ons weet. Ja-nee, ons dames hier van vloer ses weet maar alte deeglik — DORP HET GEES.

Julle sal miskien sê die ander Pukke het ook gees. Olraait, olraait — ons stry nie, hoor. Maar ons sê darem: Dorp het die MEESTE gees. Aha! Julle raak nou nuuskierig, nê? Julle wil weet waarom ons vloer sessers so sê. Nou kom — staan nader, dan vertel ons julle gou.

**Saterdag, 24 April.**
Die oggend voer ons 'n reklameset uit. Die aand — raai wat? Ons hou braaivleis. Die dorp se ouens weet darem hoe om die asters se harte te steel. Ons sê dankie vir die twee koppies koffie, een by die koshuis en een by die padkafee.

**Maandag 26 April:**
Ons bou vlot. Baie werk en grappies wanneer ons 'n bietjie verpoos om al die sweet van ons voorkoppe af te vee.

**Dinsdag en Woensdag:**
Ons maak nog steeds so.

**Donderdag en Vrydag:**
Nou werk ons sommer reg deur die nag. Ons werk hard en ons werk lekker, want ons het gees.

**Saterdag:**
Die Grand Finale — 'n partytjie, 'n aangename een, hoor, en lekker daarby. Sommer net heerlik, heerlik, HEERLIK.

### UITSPAN:

Selfs 'n kapokhennetjie kan 'n eier van kwaliteit lê. Die waarborg van kwaliteit is nie kwantiteit nie. In sommige gevalle is die kapokhennetjie se eier nog geringer as die volstruiseier. Aan die skadukant van die Fisiologie- en Sielkunde gebou staan 'n klein manskoshuisie met 'n groot boerehart-Uitspan.

Geen akademiese reuse nie, maar wat tog by elke gradeplegtigheid 'n paar manne het om die harde paviljoenbankies van Olën warm te sit. 'n Dekade of meer gelede was Uitspan se bynaam „die stalle" vanweë sy boustruktuur. Al die deure loop uit op twee vierkante.

Dit is juis hierdie boustruktuur wat menigmaal die oorsaak is van so baie onheilsplanne. Wie kan dan studeer as jy 'n krieket- of tennisbal teen jou kamerdeur hoor om dit nie eers te noem as die krieketbal dwarsdeur die deur kom nie. Watter koshuis kan spog met so 'n hoë vensterrekening?

Uitspanmanne is manne wat met oorgawe aan iets deelneem. Getuig hulle eersteplek in die Serenadekompetisie en hulle vermoë om saam met Klawerhof die wenstalletjie en -sierwa te bou nie hiervan nie? Met daardie oorgawe wil Uitspan steeds hulle studentelewe bly geniet en uitbuit.

### KARLIEN:

Geen bekendstelling is nodig vir die bakste koshuis met die bakste dames en die bakste gees. As iemand nog wonder, Karlien is besonder.

Karlien se dames is, nieteenstaande die feit dat hulle wel die gewildste dames op die Puk is, tog baie beskeie. Hulle is bereid om elke druppeltjie warm bloed vir hulle naaste te skenk. Hulle is altyd voor as dit by atletiek, landloop, tennis en Puk-aksies kom. Watter koshuis kan dan nou spog met 'n dame in die Proteatennispan?

Die helfte van die jaar is nog nie eens verby nie en Karlien het met omtrent al die manskoshuise intertees en interaksies gehad. Hoe is Liberalia en Makouvlei so stil in die verband?

Karlien se kyskoshuis, Over de Voor, is netso op die bol, as ons in aanmerking neem hoe hulle die klomp Taaibossers in die rugby geklop het.

Met so 'n bak huiskomitee kan dit nie anders nie.



**Die dames van Klawerhof neem ernstig deel aan die Boeresportbyeenkoms tussen die eerste- en tweedejaars. V.l.n.r. verskyn Ria Breedt, Nita Knoebel en Susan Grove.**
*Foto: Fotokuns*


# „Dollies-maar kom eers saam met my Volkskas toe"



Nie 'n sleg plek nie, Volkskas. As jou sleep daardie nuwe fliek *moet* sien, en jou fondse is skraps, vat haar saam Volkskas toe. Lekker stoele vir haar om op te sit terwyl jy geldsake gesels.

Buitendien, as sy jou tipe veer is, moet sy 'n Volkskas-meisie wees. Miskien kry sy jou jammer. Miskien trek sy ook geld en betaal vir haarself.

**VOLKSKAS**
Beperk
*Waar studente deurkom met geldsake*

V20031

# PUKKE SÊ HUL SÊ

## STEURENDE GEDRAG

Geagte Redakteur,

Tydens die afgelope gradeplegtighede was die onordelikheid van die gehoor opvallend. Dit het steurend ingewerk en ook die verloop van die prosedure vertraag.

Ek wil eerstens daarop wys dat dit baie ongemanierd was dat daar in sommige gevalle net gewag is tot die betrokke persoon sy graad ontvang het, waarna sy/haar hele familie opgestaan het en die pawiljoen verlaat het. In sommige gevalle is die betrokke graduandi sommer op die rugbyveld gelukgewens. Daar was deurentyd 'n rondlopery wat die ordelikheid versteur het en die ander mense se aandag afgetrek het.

Wat verder 'n swak indruk geskep het, is die feit dat die gehoor aan die einde van die verrigtinge nie bly sit het sodat die eregaste en akademiese prosessie die terrein eerste kon verlaat nie. Dit het meegebring dat die eregaste en akademiese prosessie tot heel laaste moes wag om die terrein te verlaat, of hulle pad moes „oopveg" deur die mense.

Tydens die toesprake wat deur die betrokke hoofsprekers gelewer is, was daar beslis nie die nodige aandag, of ten minste 'n mate van konsiderasie deur stil te bly nie. Ek wil Pukke wat nog in die toekoms moet graad kry, versoek om die prosedure vooraf aan hulle familie en vriende mee te deel om sodoende baie probleme uit te skakel.

SJADAP.

## ‚Vryheid' Betreur

Geagte Redakteur,

Die Karnavalkomitee moet gelukwensing ontvang met hulle pogings om die Karnaval 'n sukses te maak. Die programme was puik en dit spreek duidelik van die moeite wat gedoen is met die Karnaval.

'n Sekere saak krap egter: die Karnavalplakkate. My eerste besware daarteen is suiwer prakties. Die kleure is baie aandag-trekkend, maar dit maak leesbaarheid baie moeilik. Groovy is baie gelukkig om 'n goeie hou in te kry met hulle naam so duidelik, terwyl die Universiteit se naam feitlik onleesbaar is. Dit is benewens die datum waarvoor feitlik 'n vergrootglas benodig word om dit te lees.

Die plakkate is langs die strate aangebring met die doel dat hulle uit 'n bewegende motor (of van 'n fiets/motorfiets) gelees kan word. Dit kon nie gebeur nie. Die plakkate het dus in 'n mate nie in hulle doel geslaag nie.

Verder openbaar die skets op die plakkaat 'n modernistiese ges wat allermins te rym is met die karakter van die Universiteit. Die besondere lang hare (baie onnet) en „peace" tekentjie om die nek is baie tiperend van die hippies waarmee ons Universiteit glad nie geassosieer wil word nie.

Aangesien ons die sê kon sê al is die plakkate geborg, voel ek dat die ontwerp in die toekoms baie meer aandag kan kry om 'n meer gepaste plakkaat daar te stel.

KARNALIS.

## GEEN SEKERHEID NIE

Geagte Redakteur,

Karnaval is een van die geleenthede waar die P.U.K. hom na buite laat geld — deur die Pukkieverkope, konserte en sierwa-optog, maar ook deur die verspreiding van plakkate, word 'n sekere beeld uitgedra.

Enersyds wil ek die Reklamkomitee gelukwens met die besondere wyse waarop hulle vergaderings en ander gebeure op die kampus hierdie jaar bekend gestel het. Op dieselfde effektiewe wyse is vanjaar se karnaval bekendgestel.

Maar andersyds wil ek my teleurstelling uitspreek met die (valse?) beeld wat die amptelike karnavalplakaat uitgedra het. Ek kan nie verstaan hoe die Reklamekomitee so 'n plakkaat kan deurlaat wat die gees van Rewolusie uitskreeu.

Watter verband daar is tussen die gedrog op die plakkaat en karnaval, wonder ek nou nog. Al wat ek weet is dat ek moes bontstaan met verduidelikings dat die ding nie vroulik is nie, aan mense wat iets oor die „aster" se haarstyl te sê gehad het. Wat nog die seerste vir die oog was, was die vredesteken wat uitdagend om die „man" se nek hang. Hierdie teken word vandag as uittarting teen die Christendom gebruik.

Ek stel my besware taamlik kras, maar die Reklamekomitee het seker die geleentheid om hierop te antwoord.

ETULO.

## Voornemende Republiekfeesgangers Gewaarsku oor Padtekens

Die Suid-Afrikaanse Padveiligheidsraad wil dit onder die aandag van motoriste bring wat voornemens is om na die Kaap te reis vir die Republiekfees in Mei, dat die nuwe reëlingspadtekens amptelik deur die Kaapprovinsie in gebruik geneem is op 1 April 1971 en saam met die ou padtekens vanaf daardie datum van krag geword het.

Besoekende motoriste sal dus met die nuwe tekens vertroud moet raak indien hulle nie vir verontagsaming van die verkeersregulasies gestraf wil word nie.

Die reëlingsteken waarop die maksimum snelheidsgrens in kilometers per uur aangedui word, bestaan uit 'n sirkelvormige blou teken met 'n rooi rand en wit syfers. Die Padveiligheidsraad wil veral waarsku dat die syfer 100 op so 'n teken aandui dat die spoedbeperking 100 km/h is, dit wil sê 62. m/h, en nie 100 m/h nie. Die minimum snelheidsgrens word aangetoon deur 'n suiwer blou teken met wit syfers. 'n Reëlingsteken is 'n teken wat 'n padgebruiker gelas om 'n besondere handeling uit te voer of nie uit te voer nie. Versuim om sodanige teken te gehoorsaam word as 'n misdryf beskou.

Eksemplare van die hersiene padkode, wat kleurafdrukke van die nuwe padtekens bevat, kan by boekwinkels, of van Streeksekretarisse van die Padveiligheidsraad verkry word teen 15c. stuk.

## Uitbreidings uit Komper

Die Departement Rekenaarswetenskap van die P.U. vir C.H.O. het verlede Vrydag 'n grafiektrekker gekry.

Prof. J. F. de Beer, hoof van die Departement Rekenaarswetenskap, het gesê dat die grafiektrekker R3 500 gekos het. Die apparaat word aan die komper gekoppel sodat resultate baie vinniger geïnterpreteer kan word. Dit kan ook behalwe grafieke, floeikaarte, ingenieurstekeninge, kaarte en organisasie-sketse doen.

Dit word in die vooruitsig gestel dat 'n vinniger lyndrukker aan die komper gekoppel word, aangesien die huidige nie in al die behoeftes kan voorsien nie. Die lyndrukker wat nou gebruik word tik 120 reëls per minuut, terwyl die een wat in die vooruitsig gestel word 234 ,of moont lik 600 reëls per minuut sal tik.

Aan die komper is op die oomblik reeds verskeie apparate soos 'n papierbandleser, en 'n skyfstoorder gekoppel wat die werk vinniger laat vorder. Al die apparate, saam met die sentrale eenheid, kos die P.U. ongeveer R20 000 per jaar, volgens prof. De Beer. Prof De Beer sê verder dat die werk wat op die oomblik deur die komper gedoen word die Universiteit heel moontlik tweemaal soveel sou kos indien mense daarvoor gebruik moes word.

# Opelugvertoning Vind Byval

**DONDERDAGAAND 7.30, Vuurwerke, S.A.P. honde, Gimnastiek. Die plakkate was die hele kampus en dorp vol en die groot aantal mense wat die aand op Bill Swart-Ovaal die opelugvertoning bygewoon het, was nie teleurgestel toe hulle die aand laat huis-toe gegaan het nie.**

Die S.A.P. Hondeskool se vertoning was uitstaande en die gehoorsaamheid wat tussen leermeester en die honde bestaan was treffend: die flinke reaksie van die honde op die bevele wat hulle slegs van hulle baas neem. Die persoon wat vir die hond weggehardloop het moes loop om voor te bly.

Jammer dat mnr. Leo van Schaik op aandrang van die massa nie ook wou kyk of hy voor die hond(e) kon bly nie. Geluk aan mnr. Kobus Booyens wat sy balans op die leertjie kon hou soos die Duitse Herdershond en dit nogal sonder afrigting Kobus?

Die Gevangenisdiensopleidingsentrum van Kroonstad se gimnaste was uitstaande en het mens telkens na jou asem laat snak en hul Springbokgimnas se behendigheid en soepelheid op die trampolien was uitstekend. Die „harlekyn" van Kroonstad was ook hier en het vir 'n paar pittige toertjies op die trampolien gesorg

Die leërgimnasium se gimnaste het ook 'n uitstaande vertoning gelewer, veral die Koördinasie en tydsberekening was uitstekend oor die bok en later oor die Cortina motor. As 'n mens na hul vertoning op die trampolien nie van springhase gedroom het nie, sal jy nooit.

Tuks was ook die aand verteenwoordig in die persone van die musiekgroep „Sounds Exciting". Hierdie groep, wat oral in Pretoria en omgewing bekend is, het vir 'n paar genotvolle nommers gesorg. Die verwerking van „Kalfiewals' 'het veral byval gevind.

Laaste op die program was die vuurwerkvertoning. Die Toring van Juwele en die Chinese waaier was van die uitstaande vuurwerke en as mens senuwees van staal gehad het, het jy ook die kanonslae wat gevolg is deur pragtige gekleurde liggies waardeer.

Met hierdie verligte hoogtepunt is die aand afgesluit.

**Dit: Jou brief kan nie geplaas word alvorens jou naam nie aan die redakteur bekend is nie.**

## HOE DAN NOU

Geagte Redaksie,

Gun my een kort woordjie oor 'n probleem baie aktueel in ons midde.

Die PU vir CHO roem hom daarop dat hy hom Christelik en Calvinisties bepaal in al sy bedrywighede. Reg? Nou hoe klop dit dan dat rugby 'n taamlik barbaarse en onverfynde spel bo Christelike sake gestel word. Moet ek verduidelik? Seker.

Om die voetbalspelers (natuurlik ook ander sportsoorte — maar eintlik tog voetbal) 'n kans te gee om aandete te nuttig, word etenstye summier verskuif na 6.30 nm. op Maandae en Woensdae. Het die persoon of persone al aan die konsekwensies daarvan gedink?

Die N.G.-studente hou nou al jare gereeld Maandagaande 'n biduur in sleeptyd. Nou moet dit tot skade van die trefkrag daarvan drasties verkort word. Het die instansie daardie liggaam geraadpleeg voor hulle die tyd verskuif het? Beslis nie.

Al wat 'n mens daarvan kan aflei is een van twee dinge: Of die sport neem nou 'n belangriker posisie in as die Christelike bedrywighede, of die N.G. Kerk se aktiwiteite word nie as Christelik aanvaar nie.

Wat is die situasie?

„CALVINIS."

● Jou brief is aan die Direkteur van die Sportinstituut voorgelê vir kommentaar: „Hierdie reëling wat ter sprake is bestaan al die afgelope twee jaar, hoewel dit vanjaar eers effektief deurgevoer word. Dit behoort die ordelikheid in eetsale aansienlik te bevorder omdat sportmanne (en daar is baie van hulle) buitendien laat gekom het vir etes. Die reëling is ook op versoek van die sportmanne ingestel."

Daar is geen sprake van sport bo kerk stel in hierdie verband nie. Die Universiteit kan sy eie interne reëlings tref en die kerk is soortgelyk soewerein. In hierdie opsig word die kerk nie deur die universiteit belet om bidure te hou nie. Dit gaan bloot om 'n praktiese reëling waarby geensins voorkeur op grond van meriete verleen word nie. As dit u erns is, sal u dus seker 'n ete ter wille van die biduur kan opoffer?

*Redakteur.*

## PORT ELIZABETH.

*UPEN* berig dat die bestaande studentehof op die kampus „meer geskille skep as oplos" en dat daar nou hard gewerk word aan 'n nuwe vorm waarin dit gegiet kan word.

Volgens die nuut-opgestelde reglement sal hierdie hof bevoeg wees om enige geskille wat spruit uit die aktiwiteite van die Studenteraad of sy komitees of onderliggame, sowel as verkiesings, referenda, monstervergaderings en -besluite te bereg. Enige student kan die aangeleentheid by die hof aanhangig maak.

DIE
INSLEEP RESTAURANT
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039


HUIS en TUIN
TEL. 4641
★
U NAASTE WINKEL AAN DIE UNIVERSITEIT
ONS SPESIALISEER IN STUDENTEBEHOEFTES

## OTCH INRY
INRYTEATER

**Maandag tot Donderdag 7.00 nm.
Vrydag en Saterdag 6.45 en 9.00 nm.**

**Vrydag en Saterdag 7 en 8 Mei, Eerste Vertoning:**

**„THE CHAIRMAN"**
Gregory Peck en Anne Haywood.

**Tweede Vertoning:**

**„JEFF"**
Alain Delon en George Rouquier
(Geen persone 4-16)

★

**Maandag en Dinsdag, 10 en 11 Mei:**
**„DR. KALIE"**

★

**Woensdag en Donderdag 12 en 13 Mei:**
**„RIP VAN WYK"**

## GOUE WESTE

**Maandag tot Donderdag, 7 nm.
Vrydag en Saterdag, 6.65 en 9.00 nm.:**

**Vrydag en Saterdag 7 en 8 Mei, Eerste Vertoning:**

**„TARZAN'S JUNGLE REBELLION"**
Ron Ely

**Tweede Vertoning:**

**„FRAULEIN DOKTER"**
Suzy Kendall en Kenneth More.
(Geen persone 4-16)

★

**Maandag en Dinsdag, 10 en 11 Mei:**
**„MIGHTY URSUS"**

★

**Woensdag en Donderdag 12 en 13 Mei:**
**„GERONIMO"**


# Die Besembos

Die Besembosredaksie wag artikels vir plasing in vanjaar se *Besembos in.*

Let asseblief op die volgende:

1. Daar is vanjaar geen sentrale tema nie — u kan dus oor enige onderwerp skryf.....
2. Die artikels moet so populêr gestel word en aktueel moontlik wees, sonder om wetenskaplikheid in te boet.
3. Dit staan enige ingeskrewe student van die P.U. vry om 'n artikel te skryf.
4. Die skrywer van die beste artikel sal 'n prysgeld van R20 ontvang.
5. Lengte: 'n maksimum van 1500 woorde of 6 dubbelspasiegetikte folios'.
6. Die keerdatum is Woensdag 16 Junie 1971.
7. Artikels moet verkieslik getik (dubbelspasiëring) wees, en kan in bussie nr. 8 by die S.R. kantoor gegooi word, of aan redaksielede gegee word.

HOOFREDAKTEUR.

# Spreker Bepleit Inskakeling by Universiteite

**DIE ONDERVOORSITTER van die Nasionale Onderwysraad, Prof. G. J. Jordaan, wat op Vrydag 23 April as spreker by die gradeplegtigheid opgetree het, het gesê dat veel meer moeite gedoen moet word om die toekomstige onderwysers en onderwyseresse op wetenskaplike wyse te werf, al sou dit beteken dat die ouers ook bearbei moet word.**

Hy het daarop gewys dat die staat jaarliks meer geld aan die onderwys bestee as in enige ander departement. Van die jaarlikse staatsuitgawes gaan 11,8 persent aan die onderwys. As die onderwys/opvoeding van ons kinders dan so belangrik is, dan is die opleiding van die onderwysers nog belangriker, want dit bepaal in 'n hoë mate die gehalte en die aard van die onderwys wat die kinders ontvang.

Prof. Jordaan het beklemtoon dat die onderwys 'n Christelike en Nasionale karakter moet hê, dat die moedertaal as medium van die onderrig gebruik moet word en dat die onderwys in ooreenstemming met die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van die leerling moet wees om in die landsbehoeftes te voorsien. Dit moet ernstige aandag geniet en so doeltreffend moontlik gemaak word waar dit nie alreeds geld nie.

Hy het die opleiding van onderwysers aan universiteite bepleit. „Die universiteite is reeds tradisioneel die plek van opleiding vir die geleerde professies — en dit is vandag stellig minder as vroeër nodig om te probeer bewys dat die onderwys ook 'n geleerde professie is. Dit is dus moeilik om te begryp waarom daar in beginsel nog besware bestaan teen die neiging en strewe om onderwysers aan universiteite op te lei."

Die opleiding van onderwysers sal ook ten volle plaasvind waar die opleiding van al die geleerde professies reeds tuis is. Dit sal die onderwys en onderwysprofessie, en daarom ook die jeug, ten goede kom.

Prof. Jordaan het voorts gesê dat meer mense gewerf sal word om onderwysers te word en hulle sal die professie ook nie so maklik verlaat as hulle universiteitsopleiding ontvang het nie. Hy het ook gevra waarom onderwysers vir die sekondêre skool nie minstens vyf jaar opleiding ontvang nie.


## 20th Century Teater

**Vry. 7 en Sat. 8:**
**„DADDY'S GONE A-HUNTING"**
Carol White, Paul Burke
(Geen persone 4-18)

★

**Sat. 9.45 vm.:**
**„FENOMINAL"**

★

**Sat. 2.15 nm.:**
**„THE WORLD OF ABBOTT AND COSTELLO"**

★

**Maan. 10 tot Dins. 11:**
**„BEND OF THE RIVER"**
James Stewart, Julia Adams
(Geen persone 4-12)

★

**Woens. 12 en Don. 13:**
**„HANNIBAL BROOK"**
(Geen persone 4-12).


# Aptekerstudente Ontvang Goeie Reaksie

**Uit die donasies wat reeds vir die Suiderkruisfonds ontvangs is, blyk dit dat die kleinhandelaars traag reageer, terwyl die groter instansies reeds enkele mooi donasies as mediese hulp vir die terroristeslagoffers aangestuur het, het die organiseerder, mnr. L. J. (Bokkie) Fourie gesê.**

Die Potchefstroomese Aptekerstudentevereniging is tans besig met 'n veldtog om geld en mediese voorrade in samewerking met die Suiderkruisfonds in te samel. Hierdie fonds is geregistreer as welsynsorganisasie en alle donasies wat die Studente ontvang word dan ook aan die organiseerster in Johannesburg, mev. E. Albrecht, oorhandig.

Tot dusver is R9 600 aan kontant en ongeveer R700 00 aan voorrade ontvang. Dit sluit spuite ter waarde van R150,00, 16 000 pyntablette ter waarde van R500,00 van die mediese firma U.C.B. en R70,00 se voetpoeier, oogdruppels en antiseptiese rome van Merck Sharpe en Downe in.

Mnr Fourie het *Die Wapad* meegedeel dat 1 117 briewe waarin donasies gevra word aan aptekers en firmas in die Transvaal uitgestuur is. Volgende week sal 'n verdere vyfhonderd aan aptekers in Natal en vierhonderd na die Vrystaat uitgestuur word. Die Kaapse Aptekers sal gedurende Juliemaand om bydraes gevra word.

Artikels wat aangevra word, sluit in: gesteriliseerde weggooibare inspuitnaalde, wondgaas, pyntablette, steriliseermiddels, ontsmettingsmiddels en wondsalf. Hierdie artikels word vir landmynslagoffers in die terroriste-oorlog in Mosambiek en Angola benodig.

Kontantdonasies sal vir teateruitruisting aangewend word.

Wesfalia Boekhandel het die briewe gratis gedruk en die plaaslike Studenteraad dra die korrespondensieonkoste.

'n Aptekerstudent, mnr. V. Garcao, sal die medisyne van etikette in Portugees voorsien voordat dit weggestuur word.

Mnr. Fourie het daarop gewys dat indien elke persoon wat genader word slegs R10,00 sou bydra, die fonds met R20 000,00 verryk sou word, wat steeds 'n klein bedraggie sou wees in vergelyking met die bedrae wat reeds deur die Wêreldraad van Kerke en ander buitelandse instansies aan die terroriste gegee word. Hierdie bedrae beloop etlike honderdduisende Rande.

# GESLOTE VERGADERING OOR DIE KLEURLINGE

**DIE KLEURLINGE IN SUID-AFRIKA is die onderwerp tydens 'n gesamentlike vergadering van Korps Veritas Vincet en die Polities-Nasionale Bestuur Dinsdagaand 11 Mei.**

Mnr. J. H. P. Serfontein, van Engelse Sondagkoerantfaam, sal inleidende gedagtes oor die politieke situasie van die Kleurlinge lewer. Mnr. W. A. de Klerk sal optree oor die kulturele aspek en prof. J. H. (Hennie) Coetzee, hoof van die Departement Volkekunde van die P.U., sal die verrigtinge afsluit met 'n perspektiwiese blik en samevatting oor die aangeleentheid.

Mnr. Lourens du Plessis, Voorsitter van Korps, sal as voorsitter optree en het gesê dat die byeenkoms met die oog op die jaarlikse kongres van die Afrikaanse Studentebond plaasvind. Die tema van die kongres is: Die Kleurlinge in Suid-Afrika.

Die vergadering vind om 7.30 nm. in die Totiussaal plaas en geen persmanne sal toegelaat word nie.

# EERSTE PUBLIKASIE IN ENGELS VERSKYN

**Die eerste uitgawe van die Afrikaanse Studentebond se buitelandse publikasie, *A.S.B.-Review*, het pas in Engels verskyn.**

Dit is die eerste keer in die geskiedenis van die A.S.B. dat daar 'n publikasie in Engels uitgegee word. *ASB-Review* bevat bydraes oor die huidige studentepolitiek en is ook die bekendstellingsorgaan van die liggaam in die buiteland.

„Die behoefte (aan 'n sodanige publikasie) het hoofsaaklik uit die besoeke van ons verteenwoordigers aan die buiteland ontstaan. Hierdie besoeke is gedoen met die oog op kontak met buitelandse studente en -organisasies ooreenkomstig die kontakbeleid van die A.S.B." aldus die voorwoord, geskryf deur die president van die A.S.B., mnr. Roelf Meyer.

Die publikasie sal van tyd tot tyd verskyn en is die verantwoordelikheid van die Direkteure Buitelandse Studentebetrekkinge, Afrika-Aangeleenthede en ASPU en Publikasies.

*ASB-Review* verskyn in afgerolde vorm en is beskikbaar by die Hoofkantoor van die A.S.B. in Johannesburg. Dit sal ook binnelands in uitgesoekte kringe versprei word. Persone wat belangstel om dit te ontvang, kan met die plaaslike ASB-Komitee skakel.





## BULT
## DROOGSKOONMAKERS EN WASSERY

**Kom na die nuwe Bult Droogskoonmakers en Wassery.
Alles word nou skoongemaak of gewas in 'n spesiale ingevoerde skoonmaakmiddel.
Ons trek binnekort na ons nuwe ultramoderne lokaal te Tomstraat 98.**

**TOMSTRAAT 90** **TEL. 5574**

# Dorp Wen Verrassend

Die A-span van die dagstudente (Dorp) het verlede week verrassend daarin geslaag om die B-span van Kasteel met 11-3 te verslaan.

Dit is bekend dat Dorp gewoonlik sukkel aan die begin van die seisoen, maar deur hierdie welverdiende oorwinning het Dorp bewys dat daar groot dinge van hom in hierdie seisoen verwag kan word.

Vir Dorp het Charl Cilliers twee strafskoppe en een vervyfskop in punte omskep en Gerhard Fick (skrumskakel) in die doodsnikke van die wedstryd 'n drie aangeteken.

Kasteel se punte het van 'n strafskop gekom.

Justice Le Roux, losskakel, het sy enkel gedurende die wedstryd gebreek.



Pikkewyn Malan is vanjaar weer goed op dreef en is ook in die Protea-span ingesluit. *Foto: Fotokuns.*

## UITSLAE

**Manshokkie:**
P.U. I 2 Western Reefs 1
P.U. I 1 Witrand 0.
P.U. II 0 Western Reefs 4.

**Rugby:**
P.U. I 37 Goldfields-Wes 24.
P.U. II 23 Goldfields-Wes 3.
P.U. III 10 Goldfields-Wes 6.
P.U. o/20 44 Goldfields-Wes 3.
Over de Voor 21 Taaibos (U.P.) 6.

**A-liga:**
Dawie Dup 6 Kompleks 6.
Piet Grobler 6 Kasteel 13.
Dorp 11 Kasteel II 3.
Kasteel 34 Weermag, Wolmaranstad 3.

**B-liga:**
Piet Grobler 9 Dawie Dup 6.
Kasteel IV 13 Kasteel III 14.
Dorp 11 P.O.K. 16.

**C-liga:**
Dawie Dup 12 Kasteel VI 3.

# PUKKE WAT PRESTEER

Johan Malan, nommer een tennisspeler van die Puk en Wes-Transvaal, het so pas vir die tweede maal die P.U. mansenkelitem gebuit.

Johan, beter bekend as Pikkewyn Malan, is op 8 Mei 1951 in Potchefstroom gebore. Hy voltooi sy hoërskool opleiding aan die Hoërskool Gimnasium, Potchefstroom. Tans is hy 'n B.Comm. student in sy derde jaar.

Op vyfjarige ouderdom neem hy die eerste maal 'n raket in die hand, en as negejarige neem hy aan sy eerste toernooi deel. Van sy twaalfde jaar, tot en met sy agtiende jaar, het hy sewemaal die Wes-Transvaal Juniortitel gebuit.

Hy het Wes-Transvaal se Juniorspan sesmaal op S.A. Juniortoernooie verteenwoordig, en Wes-Transvaal se Seniorspan sedert 1968. Hy was as een van die beste juniors in die land gereken, en was gedurende daardie periode nommer een speler van Wes-Transvaal in die Junior sowel as Senior-afdeling.

Malan het al groot koppe laat rol. Hy het met Junior Springbok, Billy Freer, tans nommer tien in S.A., met 6/3 7/5 afgereken. Bruce Copley, een van Noord Transvaal se bestes, moes ook al die knie voor hom buig. Gedurende die 1970 S.A. Kampioenskappe te Ellispark, het hy byna vir 'n reuse verrassing gesorg deur Syd Ball, Australië se Juniorkampioen te klop. Ball het met 2/6 4/6 6/4 6/4 geseëvier.

Sy grootste prestasie tot op hede is beslis sy insluiting in die S.A.U. Proteaspan wat in Junie-Julie vanjaar 'n toer deur Europa onderneem.

Hy is ook gekies om Wes-Transvaal op die Feestennis van 10-15 Mei as deel van die Republiekfees te Kaapstad, te verteenwoordig.

Malan word tans deur Ken Smith afgerig.

## SPORTBEPALINGS

**P.U. RUGBYBEPALINGS:**

| | | |
|---|---|---|
| **8.5.71:** | | |
| P.U. I vs. P.O.K. I | Park | 4.00 nm. |
| P.U. II vs. P.O.K. II | Park | 2.45 nm. |
| P.U. o/20 vs. P.O.K. o/20 | Park | 1.45 nm. |
| **12.5.71:** | | |
| P.U. III vs. P.O.K. III | P.U. A | 4.00 nm. |
| P.U. IV vs. P.O.K. IV | P.U. A | 2.45 nm. |
| **19.5.71:** | | |
| Wes-Tvl. vs. Noord-Tvl. | Pretoria | 8.00 nm. |

**KOSHUISLIGA RUGBY:**

| | | |
|---|---|---|
| **A-liga:** | | |
| **8.5.71:** | | |
| Over de Voor vs. Kompleks | A-veld | 11.00 vm. |
| Dawie Dup vs. Piet Grobler | B-veld | 11.00 vm. |
| Kasteel I vs. Kasteel II | C-veld | 11.00 vm. |
| **15.5.71:** | | |
| Dawie Dup vs. Over de Voor | A-veld | 11.00 vm. |
| **15.5.71:** | | |
| Kompleks vs. Piet Grobler | B-veld | 11.00 vm. |
| Dorp vs. Kasteel I | C-veld | 11.00 vm. |
| **B-liga:** | | |
| **8.5.71:** | | |
| Kompleks vs. Dawie Dup | A-veld | 10.00 vm. |
| Piet Grobler vs. Kasteel III | B-veld | 10.00 vm. |
| Kasteel IV vs. Dorp | C-veld | 10.00 vm. |
| P.O.K. I vs. P.O.K. II | A-veld | 9.00 vm. |
| **15.5.71:** | | |
| Over de Voor vs. Dawie Dup | A-veld | 10.00 vm. |
| Kompleks vs. Piet Grobler | B-veld | 10.00 vm. |
| Kasteel III vs. P.O.K. I | C-veld | 10.00 vm. |
| Dorp vs. P.O.K. II | A-veld | 9.00 vm. |
| **C-liga:** | | |
| **8.5.71:** | | |
| Over de Voor vs. Kasteel VI | B-veld | 9.00 vm. |
| Kasteel V vs. Dawie Dup | C-veld | 9.00 vm. |
| **15.5.71:** | | |
| P.O.K. III vs. Dawie Dup | B-veld | 9.00 vm. |
| Over de Voor vs. Kasteel V | C-veld | 9.00 vm. |

**PLUIMBALBEPALINGS:**

**12.5.71:**
P.U. Mans A vs. Ellaton B.
P.U. Mans B vs. Wolmaranstad.
**13.5.71:**
P.U. Mans B vs. Protea.

# PUKKE SLAAN TWEE S.A.-REKORDS

**Op die S.A. Atletiekkampioenskappe wat tydens die Paasnaweek in Pretoria gehou is, het twee Pukke daarin geslaag om S.A. titels in te palm.**

Andries Krogman het getoon dat intensiewe oefening hom tot op die hoogste sport van die leer gegring het deur beide die 50000 m. en die 10 000 m. te wen. Sy tye was 14 min. 0 sek. en 29 min. 56,8 sek. onderskeidelik. Laasgenoemde tyd het aan hom ook 'n nuwe Noord-Transvaalse rekord besorg.

In die werpskyf het Hansie Booysen ook 'n S.A. titel agter sy naam geskryf met 'n wenafstand van 163 voet 1 duim. In die gewigstoot, wat deur sy broer Dawid gewen is, het hy ook 'n derdeplek behaal.

Een van die verrassings van die kampioenskappe was die nederlaag wat Johan Hunter in die driesprong gely het. Sy S.A. rekord het ook in die slag gebly en sy afstand van 50 voet 2a duim het aan hom 'n tweedeplek besorg.

# *Taaibos Loop Rieme Styf*

**DIE JAARLIKSE mini-intervarsity tussen Over de Voor en Taaibos van Tukkies het vir die derde agtereenvolgende jaar op 'n oorwinning vir die Pukke uitgeloop toe Over de Voor met 21-6 gewen en in die proses pragtige voetbal gespeel het.**

Van die sewe interkoshuiswedstryde het die Over de Voor reeds vyf gewen en Taaibos twee. Bartho Saaiman het sy opponent heeltemal oorskadu en twee keer gaan druk. Schalk van der Merwe het goed gespeel op losskakel en ook 'n drie gedruk. Hy het ook 'n strafskop en drie vervyfskoppe in punte omskep. Carel van Heerden het die ander drie punte met 'n drie aangeteken.

Hansie Booysen, die bekende veldatleet, het in die slotposisie as 'n uitstekende rugbyspeler ontpop. Hy het hoog in die lynstane gerank en die bal telkens suiwer raakgevat. Al Over de Voor se ander spanne het met groot tellings gewen.



**F. Coetzee wat aan die Republiekfees sal deelneem.** *Foto: Fotokuns.*

# *Landloop Kry Koers*

Daar is 'n roering onder die langasem atelete met die aanbreek van die landloopseisoen. As gevolg van die karnaval het net drie Pukke verlede Saterdag aan die landloop openingsbyeenkoms op Klerksdorp deelgeneem.

Die senior-wedloop, wat oor 'n afstand van 6,7 myl strek, is deur springbok Fanie van Zyl met 'n tyd van 35 min. 44 sek. gewen. Die junior-wedloop, wat oor 'n afstand van 4,5 myl strek, is deur Dirk Schoeman met 'n tyd van 26 min. 32 sek. gewen.

Met die intrapslag wys die Pukke reeds dat hulle vanjaar in Wes-Transvaal baas gaan wees.

# *Drie Gimnaste na Republiekfees*

**DRIE GIMNASTE van die P.U. Amateur-gimnastiekklub, Frikkie Coetzee, Lompies Lombaard en Tiekie Raubenheimer, is onlangs tot die Wes-Transvaalse Gimnastiekvertoonspan wat tydens die Republiekfees verskeie vertonings sal aanbied verkies.**

Die span bestaan uit tien mans en tien dames wat saamgestel is uit die beste senior sowel as junior gimnaste in die Wes-Transvaal. Frikkie Coetzee, 'n baie belowende gimnas, het die eerste plek onder die mans behaal. Hy het Suid-Afrika reeds in 1969 tydens die Gimnastrade in Switserland verteenwoordig. Beide Lombaard en Raubenheimer, het albei reeds provinsiale kleure verwerf.

Die vertoonspan gee eerskomende Saterdag, 8 Mei, hulle eerste vertoning op Vanderbijlpark.

## *SES ATLETE NA SPELE*

Ses Pukke is gekies om more deel te neem aan die S.A. Spele te Kaapstad. Hulle is Andries Krogmann, Johan Hunter, Hansie Booysen, John Vermeulen, Detlev Holtshauser en Esta Lass.

**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

***PRO REGE-PERS BEPERK***

**„die potchefstroomse boekhandel"**

**TOMSTRAAT — TEL. 3421 — POTCHEFSTROOM**

# P.O.K. GUNSTELINGE VIR GROOT WEDSTRYD

**SATERDAG speel Puk op die Olënpark teen P.O.K. en dadelik word verlede jaar se gebeure voor die oë geroep. Twee wedstryde teenP.O.K. is gespeel — die eerste een wen Puk 30-3 en die tweede een wen P.O.K. 12-11.**

P.O.K. staan vanjaar na slegs twee wedstryde reeds bekend as die Leeutemmers van Wes-Transvaal. Saterdag weer het hulle die sterk span van Western Reefs met 16-6 getroef. Western Reefs moes wel sonder Dirk de Vos klaarkom, maar dit doen nog nie afbreuk aan P.O.K. se puik spel nie, en hulle het klaar getoon dat groot spanne nog vanjaar die knie voor hulle gaan buig.

Puk het tot dusver nog net een ligawedstryd gespeel, naamlik verlede Saterdag teen Goldfields-Wes.

Hulle het verdien om te wen, hoewel te veel balle aan Goldfields-Wes se voorspelers afgestaan is.

P.O.K. het vanjaar 'n baie ligte pak voorspelers wat baie beweeglik is. Teen hulle kan die Puk nie bekostig om los balle te laat rondlê nie. As Puk die P.O.K. voorspelers kan dwing om vas te speel en so min moontlik balle aan hulle afstaan, sal die Puk-agterlyn die knoop kan deurhak.

Albei spanne spog met heelagters wat kan aanspraak maak op provinsiale insluiting indien Paul Durandt verslap. Daarom kan skoppe na die pale die deurslag gee in die wedstryd. Piet Brand, wat hom verlede Saterdag weer in die tweedespan bevind het, sal beslis teruggebring moet word om die nodige stewigheid aan die Puk-agttal te verleen. Wie van Phil Steyn en Andries Coetzer moet terugstaan, is egter 'n vraag wat die keurders sal laat kopkrap.

Die keurders sal moet besluit tussen Phil Steyn se fantastiese springwerk in die lynstane en Coetzer se goeie spel in die los.

As Piet Roodt daarin kan slaag om saam met sy voorspelers die spel te dikteer en die P.O.K.-voorspelers kis te speel, kan daar 'n redelike Puk-oorwinning voorspel word. Die P.O.K.-voorspelers moet net nie onderskat word nie.

Solank Jannie Barnard se senuwees op skrumskakel hou, solank sal die losballe buite P.O.K. se losvoorspelers se bereik wees.

## PUKKE SE KANSE GOED

Volgende Saterdag word 'n aflos gehou vanaf Parys na Potchefstroom, oor 'n afstand van omtrent 48 km. Dit staan bekend as die Kokkie Nel Gedenkaflos.

Kokkie Nel was in 1970 'n B.A. L.O. finalejaar student op Potchefstroom. Hy is noodlottig in 'n botsing beseer. Kokkie Nel was ook 'n baie goeie landloper en daarom is die aflos na hom vernoem. Dit word deur die Potchefstroomse Onderwyskollege gereel.

Die volgende Pukke sal deelneem: Fanie van Zyl, Gawie van Eck, Dirk Schoeman, Francois Schutte, Johan Kruger, Pypies Laubscher, Eric Dunn en andere.


**A. VORSTER APTEEK**

(Frans Nel, B.Sc.Farm.)

★

**Octron-gebou**
**Lombardstraat**

★

VIR VINNIGE AFLEWERING

**SKAKEL 7074**



**U kan gerus u bande versool by . . .**

**GOLDEN WEST RETREADERS**



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

**Groot voorraad**

★ **NUWE en VERSOOLDE bande**

**Versoling nou ook verkrygbaar in die**

★ **GOODYEAR G 800 loopvlak**

★ **Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING**

**LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM**

**(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)**




**Dr. Wynand Putter, dosent by die Departement Liggaamlike Opvoedkunde het Maandag-, Woensdag- en Vrydagoggende sy volhardende fiksheidsbewuste manne. Hier is een van die groepe in aksie.**

*Foto: Fotokuns.*

## op eie werf

Die eerste skote in die koshuisrugbyliga het toe geklap en 'n mens kon met die intrapslag sommer baie dinge opmerk.

Eerstens het dit duidelik geblyk dat al die spanne nog nie naby aan fiks is nie. Dit het veral na vore gekom in die Kompleks — Dawie Dup wedstryd. As Charl de Klerk van Dawie Dup egter sy skopskoene aangehad het, kon die uitslag miskien heelwat anders gelyk het. Alle eer aan Kompleks wat Dawie Dup harde tye besorg het.

'n Ander baie harde wedstryd was die een tussen Kasteel en Piet Groblerhuis. Laasgenoemde, wat in 1970 die finaal teen Dawie Dup gewen het, het gewys dat hulle vanjaar weer baie moeilik gestuit gaan word. Hulle het ook beslis as die fikste van al die koshuisspanne voorgekom.

Daar is 'n besluit geneem deur die Internasionale Rugbyraad dat aanstaande seisoen met die drie geëksperimenteer sal word in Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Australia. 'n Drie sal dan die seisoen vier tel.

Volgens hulle sal 'n span dan eerder probeer drieë aanteken, wat dan vervyf sal word. Dit sal die ontoelaatbare spel, waarop 'n strafskop gewoonlik volg, beperk. In plaas van dat 'n drie dan vervyf word, sal 'n vier verses word. Dr. Danie Craven meen egter dat die benaming drie sal bly. Die teendeel kan natuurlik ook geld. 'n Span mag voel dat hy eerder drie punte weggee vir 'n strafskop, as vier vir 'n drie of moontlik ses punte vir 'n doel. 'n Mens wonder of die punte vir 'n strafskop nie liewer na twee verminder moes gewees het nie.

Op ander sportgebiede gaan dit nog voor die wind. Op 8 Mei neem 'n aantal Puk-atlete aan 'n Prestige-atletiekbyeenkoms op Stellenbosch deel. Veral Johan Hunter, Andries Krogman en Hans Booysen behoort goeie rekenskap van hulleself te gee.

## KOSHUISRUGBY BEGIN OP HOË NOOT

**DIE KOSHUISRUGBYLIGA het op 'n interessante noot begin toe Thaba Jäh vir Hombre I 6-3 klop, Dorp vir Hombre II 11-3 wen, en Kompleks en Dawie Dup gelykop speel 6-6. Die aanskoulikste wedstryd was die tussen Hombre I en Thaba Jäh, die kampioene van verlede jaar.**

**Hombre en Thaba Jäh:**

Albei spanne het 'n swaar pak voorspelers en die stryd is dan ook hoofsaaklik voorlangs beslis. Die gevoelens het somtyds gedreig om hand uit te ruk en onder aanmoediging van 'n geesdriftige skare het die spel somtyds baie rof geword.

Mooi bewegings is aan albei kante gesien. Die agterlyne van beide spanne se verstandhouding was nie so goed nie en veel skopwerk het dan ook afbreek aan die harde werk van die voorspelers gedoen.

Al die punte is met strafskoppe behaal.

**Kompleks en Dawie Dup:**

Die wedstryd tussen Kompleks en Dawie Dup het min hoogtepunte gehad. Kompleks se voorspelers het vir die grootste deel van die wedstryd die oorhand gehad, terwyl die agterspelers nie al die kanse benut het nie.

Dawie Dup se agterlyn met sy twee gevaarlike vleuels het stukke beter vertoon. Hulle kort egter nog die nodige afronding. In die geheel gesien was dit 'n baie gelykop stryd. Beide spanne het twee drieë aangeteken wat die eindtelling op 6-6 te staan gebring het.

## TYDREN RAAK GEWILD

**HEIMA HET die sportkompetisie in die Vierde P.U. Karnavaltydren gewen. Aangesien motorsport (en in die besonder die tydrensport) minder bekend op die Puk is, was dit verblydend om die groot entoesiasme vir die tydren te sien.**

Sommige deelnemers het die tydren in 'n regte karnavalgees benader en slegs vir die ondervinding daarvan deelgeneem. Ander manne het erns van die saak gemaak, aangesien die pryse verbonde aan die tydren nie te versmaai was nie. Daar was 53 deelnemers en 33 pryse is toegeken.

Dit was opmerklik hoe baie mans besluit het om te navigeer terwyl sy meisie bestuur het.

Daar was elf kontrolepunte langs die roete en die afstand wat afgelê moes word was 73,3 myl. Die spoed het gewissel tussen 15 en 45 m.p.u.

Die uitslag van die spankompetisie tydens die tydren is soos volg:

1. ONS HUIS.
2. DORP.
3. KASTEEL.

Die eerste tien individuele plekke is beklee deur:

| Pos. | Punte teen | Naam | Nr. | Koshuis | Motor |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | 464 | J. Erlank | 23 | Ons Huis | Fiat 1500 |
| 2. | 559 | A. Venter | 45 | Ons Huis | Austin Mini |
| 3. | 610 | G. v.d. Walt | 20 | Dorp | Datsun SSS |
| 4. | 641 | H. Raubenheimer | 51 | Dorp | |
| 5. | 827 | L. Davel | 42 | Kasteel | Cortina |
| 6. | 918 | B. Steyn | 50 | Makouvlei | Austin Mini |
| 7. | 954 | W. Prinsloo | 39 | Farmasie | Renault |
| 8. | 1072 | F. Wege | 31 | Dorp | Fiat 1500 |
| 9. | 1163 | J. Milne | 19 | Dorp | Renault |
| 10. | 1319 | H. Groenewald | 48 | Kasteel | VW 1300 |